

AVONTUUR
IN DIE BOS
Louis Nel

# Avontuur in die Bos

## Louis Nel

Januarie 2012

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

 Na Inhoud

# Inhoud

## Klik op titel om na hoofstuk te gaan


1 Bos toe, ons gaan Bos toe!

2 Eenstrepie en die Spookvoël

3 Om die Kampvuur

4 Oom Olifant, die Reuse Dier

5 Die Ou Olifant

6 Neushoring Sloof hom Af

7 Wildtuintrippie

8 Wildtuin toe

9 Laaste Dag in die Bos

10 Hoeveel Sterre is daar?

# Bos toe,

# ons gaan Bos toe!

Chris en sy sussie Adri kan hulle opgewondenheid net nie inhou nie. "Hoe lyk hierdie bos waarheen ons gaan, Pappa?" wil Chris weet, "Is daar huise, of gaan ons in 'n tent bly?" Pa wil nog antwoord, maar dan is Chris se gedagtes klaar alweer op 'n ander plek: "Is daar leeus en renosters en goed wat wild rondloop?"

"Ja, daar is wilde diere, maar die gevaarlikes is anderkant die draad." beduie Pa.

Dit is nog pikdonker, en die laaste goedjies word in die motor gelaai. Hulle gaan hulle wintervakansie hierdie slag deurbring in 'n dorp met die naam Marloth Park. Die dorp is *géén* gewone dorp nie, want hier loop allerhande wilde diere rond tussen die huise. Selfs Pappa is nie baie seker wat om te verwag nie, want hy was nog nooit daar nie. Al wat hy weet is dat die dorp aan die Kruger Wildtuin grens - daar is

glo 'n wildheining wat die mense uit die wildtuin uit hou.

Wanneer die son sy kop bloedrooi oor die ysige Hoëveld se vlaktes uitsteek, trek die gesin al baie ver. By Waterval Boven hou hulle eers stil om bene te rek. Chris vergaap hom aan die loodregte kranse wat daar onder uit die Elandsrivier uit optoring. Vir Adri en haar ma is dit weer die aalwyne wat hulle bekoor. Hulle staan vol in die blom soos klein rooi vuurpyltjies wat wil opstyg.

Maar dan is dit weer in die pad val, deur Nelspruit, Kaapmuiden, Malelane en Hectorspruit. "Ons is amper daar!" kondig Pappa aan, en die twee kinders borrel van uitgelatenheid. Pappa draai af in 'n grondpad, en dan skud en rammel die motor dat Adri se tande opmekaar klap. Agter die motor warrel 'n reuse stofwolk.

En dan, uiteindelik is die dorp se hek daar, amper soos in 'n regte wildtuin. As hulle stadig in die hoofstraat afry, waarsku Pappa: "Kyk uit vir diere!" Hy hoop maar

dat daar iets sal wees, maar hy is self nie te seker dat hulle iets sal sien nie.

"Pappa, stop!" skree Adri opgewonde, "Daar is 'n ding!" Pappa slaan remme aan, en sowaar: daar staan 'n vlakvark en peusel aan 'n bossie droë gras, en hy steur hom nie eers aan die motor nie. "En daar is bokke ook!" Nou is sy uit haar vel van uitgelatenheid. 'n Paar rooibokkies staan rustig en wei tussen die yl doringbome.

Pappa verdwaal so amper-amper as

 **Na Inhoud**

hulle afdraai in 'n smal grondpaadjie wat kronkel-kronkel tussen die bome deur vleg. Maar met Mamma se aanwysings en die kinders se ywerige hulp, kry hulle die ingang na die vakansiehuis. "Duikerdoedoe" staan daar geskryf teen 'n Hardekool stomp. Die grasdakhuis is omring met groot bome en bossies en wilde struike. Die twee kinders spring uit die motor uit en hardloop om die huis. Chris wil sommer die wilde bosse inhardloop uit pure nuuskierigheid, en Pappa moet

keer, want eers moet die motor afgepak word.

"Ek debs die bokamer!" skree Adri iewers van bo af. Pappa het sy hande vol om die twee uitgelate kinders so ver te kry om te help met die afpak - hulle is uitbundig, want hierdie is 'n totale nuwe ondervinding vir hulle. Rondom hulle brul die bos letterlik - dis nou figuurlik gesproke. Maar uiteindelik is alles tog afgelaai, en terwyl die twee oumense op die ruim stoep uitspan, storm Chris en Adri die bos in om alles rondom die

huis te gaan verken. "Pasop vir verdwaal", wil Pappa nog waarsku, maar dis te laat - hulle het reeds tussen die digte doringbome verdwyn.

"Ag siesa, jy het daarin getrap!" Adri gril, en Chris kyk verbaas af grond toe - sy sussie is beslis nie die bos gewoond nie.

"Aag, dis sommer koedoemis." Hy het darem al geleer dat daardie ronde bruin korreltjies 'n koedoe se werk is - hy het selfs al deelgeneem aan 'n koedoemis-

spoeg-kompetisie, waar jy kyk hoe ver jy een van daardie korreltjies kan spoeg. En net om te bewys dat die goed nie gevaarlik is nie, buk hy en tel 'n handvol op en maak asof hy dit in sy mond gaan gooi. "Bosveld tjoklits!" spot hy, terwyl Adri die Blouapie-stuipe wil kry soos sy gril vir haar ouboet se manewales.

"Koeee-wêêê!" skree 'n grys voël in die groot ou Maroelaboom se droë takke. "Ek ken daardie voël!" Adri is baie trots op haarself, "Dis 'n Kwêvoël!" In Pretoria het ek ook al

van hulle gesien.

'n Voël met 'n reuse geel krom snawel kom aangesweef, en dan maak hy hom tuis naby die Kwêvoël. "Kyk daardie snaakse voël Chris, dit lyk of hy sy bek skerp maak teen die tak."

"O, dis 'n Geelbek Neushoringvoël." Chris het van hierdie voël geleer by Oupa. Oupa het vertel dat die mannetjie sy wyfie en die kleintjies in 'n boomstam toemessel met broeityd. Dan dra hy vir hulle kos aan terwyl die

wyfie sit en niksdoen in die nes. Tiepies vroumense!

Chris hoor snaakse brulgeluide iewers in die bos, en dan besluit hy dat dit tyd geword het om terug te gaan huistoe. Hy draai om, maar dan is hy gladnie meer seker waar die huis is nie. Oral lyk die bos eenders. "Na wat soek jy, Boetie?" wil Adri weet, maaar Chris gee 'n niksseggende antwoord - hy kan mos nou nie vir haar staan en sê dat hulle verdwaal is nie. Hy het darem ook mos sy trots!

Chris kies koers na waar hy dink die huis behoort te wees, en Adri stap ewe gedwee, al babbelend agterna. “Chris, waarnatoe gaan ons nou?” wil sy na ‘n hele ruk weet.

“Huistoe, natuurlik!” kom sy kortaf antwoord - hy het sommer ‘n knop op sy maag, want nou is hulle heeltemal, totaal-en-al verdwaal. Hy kan homself skop dat hy nie beter opgelet het in watter koers hulle stap nie. Volgende keer sal hy versigtiger wees.

"Maar Boetie, hoekom loop ons dan by die huis verby?"

Chris kyk om, en dan sien hy sowaar dat hulle regs van die huis verby loop, en daar sit die twee oumense nog op die stoep. Nou moet hy vinnig dink om sy aansien by sy sussie te red. "Nee, ons loop maar net 'n ompad sodat ek kan sien hoe die huis van die anderkant af lyk." Hy voel die gloed van skaamkry in sy gesig opwel, maar terselfdertyd is hy baie verlig. Om darem in die eerste uur in die bos al te moet verdwaal.......

Die twee kinders word ingewag met 'n glas yskoue koeldrank elk. "Kyk," wys Pappa, "'n Vlakvark."

Adri gaan onbedaarlik aan die giggel as die vlakvark deur die bossies aangedraf kom, reguit na die huis toe: "Kyk sy koddige stertjie," kraai sy dit uit van die lag, "dit lyk nes 'n kar se lugdraad!" Kiertsregop staan die stertjie, en sy stertkwassie lyk nes 'n piepklein harige vlaggie wat in die wind wapper. "Oeee, maar hy is snaaks!"

Die vark kom staan voor die stoep,

en dan kyk hy die gesin daar bo reguit in die oë. "Ek dink hy wil iets vir ons sê." merk Mamma op.

"Wat, Mamma?" wil Adri weet.

"Dat hy honger is, Adri." Gaan kry vir ons die ou toebroodjies wat oorgebly het van ontbyt vanoggend." Adri laat nie op haar wag nie, en voordat jy kan sê: "Vlakvark-se-stertjie" is sy terug met die kos. Die brood tref skaars die grond, toe sak die vlakvark op sy knieë neer, en met een enkele hap verdwyn die hele toebroodjie.



Na Inhoud

"Kyk hoe dankbaar is hy," verwonder Adri haar aan die vark, "hy staan op sy knietjies om dankie te sê."

Maar Pappa is nie gelukkig nie: "Dis eintlik verkeerd - ons moenie die diere voer nie. Ons veroorsaak dat hulle afhanklik raak van ons."

"Maar Pappaaaaa......" kerm Adri - sy kan nie mooi verstaan dat 'n mens nie wilde diere moet voer nie.

"As ons hulle bly voer, dan kan hulle naderhand nie meer vir hulleself sorg nie - dan weet hulle

nie meer hoe om kos te soek in die veld nie. En as die mense dan vir 'n tyd lank nie daar is nie, dan gaan hulle dood van die honger." verduidelik Pappa. Vir Adri klink dit verskriklik onregverdig, en sy wonder hardop waarom hulle dan vir ou Têkkies, die kat, by die huis moet kos gee. "Want Têkkies is 'n mak dier wat nie vir homself kan sorg nie, en daarom sorg ons vir hom." moet Pappa verder verduidelik.

As die vlakvark sien dat daar nie meer kos gaan kom in sy rigting

nie, kies hy koers die bosse in, al snork-snork en kreun-kreun.

Pappa staan op en gaan haal 'n pakkie voëlsaad wat hy spesiaal saamgebring het van Pretoria af. Hy strooi dit op die grond voor die stoep. Daar is ook mieliepitte by. Adri kyk hom vraend aan. "Vir die voëls." verduidelik hy.

Nou verstaan Adri gladnie. "Maar Pappa, waarom voer ons die voëls en ons mag nie die vlakvark voer nie?"

Nou moet Pappa sy verduidelik

baie goed ken, want jy kan mos g'n 'n kind om die bos lei nie. "Voëls raak nie gewoonlik afhanklik van jou nie - hulle is anders as die wilde diere. Ons voer hulle by die huis ook." probeer hy verduidelik, maar sy is gladnie beïndruk nie. Sy voel steeds dat dit onregverdig is.

Later die middag ontdek 'n paar verdwaalde voëltjies die saad, en hulle sak toe op die heerlike meevallertjie. Hulle lawaai so oor hulle fonds, dat daar binne 'n kort rukkie sommer 'n klomp voëls voor die stoep is - mossies en wewers

en frette en neushoringvoëls.



"Ag hoe skatlik!" koer Adri, "Kyk net daardie ou klein blou voëltjies."

"Ja, nes poeierkwassies - hulle is Blousysies." koer Mamma saam.



"Ek hou van die Neushoringvoëls," gooi Chris sy stuiwer in die armbeurs, "kyk net

hoe koddig pik hy die mieliepitte op met die punt van sy snawel, en dan gooi hy dit daar diep in sy keelgat af. Koel né!"

Hééltemal te gou is die dag verby, en die son sak laag oor die toppe van die doringbome. "Die goue uur het aangebreek." kondig Pappa aan. Almal kom sit op die stoep en sit in stilte en kyk hoe die lug verander. Die wolkies word omtower in die wonderlikste kleure, so asof 'n kunstenaar sy verfkwas in 'n reuse blik verf doop en dan die lug skilder in allerhande helder kleure

- oranje en geel en rooi. Die son is 'n vuurrooi bal wat stadig agter die bome insak.

'n Fisant skree luidkeels dat die dag nou verby is. 'n Paar tiptolle kwetter opgewonde bo in die Knoppiesdoringboom. Die eerste dag in die bos is verby.

Daardie aand vertel Pappa dat dit nie nodig is vir ons om die diere kos te gee nie, want die Here sorg vir hulle.

"Maar waarom sorg die Here dan nie ook so vir ons nie?" wil Adri


Na Inhoud

weet

“Eintlik sorg die Here nog meer vir ons as vir die diere Adri.” verduidelik Pappa, “As die Here nie vir my die verstand en krag en geleentheid gee om te kan werk nie, dan kan ek nie geld verdien om vir ons te sorg nie. Ons moet elke dag besef dat ons vir alles, alles afhanklik is van die Here.”

# Eenstrepie en die Spookvoël

Chris kom gaap-gaap uit die slaapkamer gestrompel. Hy is nog half-aan die slaap, want dit is darem nog bitter vroeg in die oggend. Hy vryf sy oë om die slaap uit te kry. Skielik onthou hy waar hy is, en dan is hy helder wakker en die opgewondenheid bruis deur sy are.

Op die ruim stoep van die vakansiehuis op Marloth Park sit


Na Inhoud

die res van die gesin al van donker-oggend af. Sy kleinsus Adri was heel eerste wakker, en toe storm sy uit op die stoep. Die arme ou duikertjie wat nog voor die huis staan en wei het, het met 'n paar wilde spronge die hasepad gekies, en natuurlik was Adri baie teleurgesteld.

"Laatslaper, laatslaper!" koggel Adri vir Chris, "Ons het al Tarentale en Patrysies gesien en 'n ...... Mamma, wat is daardie voël nou weer?"


Na Inhoud

"'n Bloukuifloerie." help Mamma haar reg.



"Ja, nou onthou ek - dit was 'n Bloukuifloerie.

En hier was netnou 'n Vlakvark ook. Hy is lelik, met sulke lang tande en groot knoppe orals op sy gesig. Pappa, sal hy nie 'n mens byt nie?"



"Nee Poplap," stel Pappa haar gerus, "maar jy moet net nooit naby hom gaan of aan hom probeer vat of hom voer nie, want onthou: alle wilde diere is gevaarlik - selfs 'n skatlike ou duikertjie kan baie gevaarlik wees."

Die huis waar hulle vakansie hou, is in 'n vakansiedorp langs die Kruger Wildtuin. Hier is wilde bosse oral om die huis, en hulle het nou al deeglik agtergekom dat allerhande soorte wilde diere hier om die huis rondloop.

Mamma bring 'n skinkbord met bekers stomende koffie en van Ouma se heerlike, tuisgebakte karringmelk-beskuit. Die geur van die koffie vul die stoep, en Chris doop behaaglik sy beskuit in die koffie en slurp dit op. 'n Paar wewers kom sit in die Blinkblaar

Wag-'n-bietjie boom, en Chris wonder hardop waarom die dorings hulle dan nie steek nie. Hy is baie bang vir daardie boom, want as sy haakdorinkies jou eers gegryp het, dan sit jy!

"Wil julle twee nie gou vir die voëls 'n bietjie mielies en saad uitgooi nie? Kyk hoe sit hulle al en wag vir kos!" en Pappa beduie na die Wewers in die boom. Dit is Bontrug Wewers hierdie. Die helder geel kleur van hulle vlerke tooi die donkergroen boom in vrolike kleure. "En sit sommer vir

die Tiptol 'n appel aan die spyker daar aan die Rooiboswilg," voeg Pappa by, "hy sit al van vroegdag af en kerm vir sy vrugte!"

Adri gooi die pitte op 'n kaal stukkie grond terwyl Chris 'n appel middeldeur sny en aan die spyker vasdruk. Adri kan nog nie daar bo bykom nie. Skaars draai Chris sy rug, of die Tiptol is al kwetterende by die appel. Gulsig hap hy asof hy dae laas kos gekry het. Maar Adri se mieliepitte trek nie veel aandag nie. Dalk het die Wewers dit nie gesien nie, want

intussen het hulle verkas na beter weivelde.

Later kom land daar darem 'n Rooiborsduifie wat op en af stap waar die pitte gestrooi is. Hy pik-pik hier en pik-pik daar, en dan koer hy: "Koe-koe-roé-kô-koe". 'n Handjievol piepklein poeierblou voëltjies val iewers uit die boom uit en kom land waar daar fyn saadjies lê. "*Ag* is hulle nie skattig nie!" kloek Adri, "Nes klein bolletjies blou dons." Blousysies, onthou Adri van gister, ja dis wat hulle is - seker die skatlikste ou

voëltjies in die Bos. Teen hierdie tyd is die duifie dik gevreet, en niemand slaan ag op sy "Koe-koe-roé-kô-koe" nie - nie eers 'n enkele ou duifie-wyfie het in sy rigting geloer nie.

Die son het sy bloedrooi lyf tussen die doringbome uit gelig, en nou lag hy met 'n spierwit gesig bokant die toppe van die bome vir die gesin op die stoep. Dan onthou Chris dat hy nog nie gewas het nie, en Mamma besluit dat dit tyd geword het vir ontbyt. Sommer daar op die stoep word spek en eiers gebraai in 'n

pan op 'n klein gasstofie. Sy sny 'n paar tamaties in skywe, en hulle beland saam met die spek in die pan. 'n Heerlike geur versprei, en die magies begin sommer grom van pure hongerte.

Chris is blitsvinnig deur die badkamer en nog voordat die ontbyt gaar is, waai hy alweer uit op die stoep, gereed vir sy kos. "Terwyl jy nou so gou klaar is, kan jy gerus vir ons 'n bietjie vrugtesap skink, Chris." kry hy opdrag van Mamma.

Pappa sê vir die Here dankie vir die kos en dat almal so gelukkig saam kan wees hier in die pragtige bos. En dan word daar entoesiasties weggeval aan die smaaklike ontbyt.

"Eeeugh!" gee Adri skielik 'n ril-gilletjie.

"Wat is fout?" wil almal gelyk weet.

"'n Rot!" kreun sy,

"Kyk, daar by die mieliepitte!"



Almal rek hulle nekke om die "rot" te kan sien. "Aag dis nie 'n rot nie," blaas Chris haar borreltjie, "dis 'n ou muisie!"

Pappa trek die soogdierboek nader, want hierdie soort muis het hy nog nie vantevore gesien nie. By die afdeling vir muise kry hy hom: "Hierdie is 'n Eenstreepmuis." kondig hy aan, "Dit is een van die veldmuise, en gladnie soos die rotte wat ons in die stad kry nie."

Eenstrepie, die Eenstreepmuis

draf rustig in sy grasgangetjie af. Sy pootjies is sopnat van die vroeëoggend-dou. Dit is 'n heerlike September oggend, maar hy is baie bekommerd, want hierdie tyd van die jaar is die kos maar bitter skaars hier in die bos. Hy moet hard soek om 'n saadjie of iets te ete te kry. Hy is so vasgevang in sy eie gedagtes, dat hy nie opmerk dat hy aan die einde van sy veilige tonnel gekom het nie.

Eenstrepie skrik hom boeglam as hy skielik verblind word deur die helder sonlig. Hy het op 'n kaal kol

in die bos aangekom, en hier kom hy nie graag uit nie, want hier is altyd iemand wat iewers in 'n boom sit en wag vir 'n ou muisie om te voorskyn te tree. Vleiloeries en valke en sulke gevaarlike goeters gee hom skoon die bewerasie.

Eenstrepie vlieg vinnig om om terug te kom in sy veilige grastonneltjie, maar dan val hy so byna oor sy eie klein pootjies. Hy kan sy klein swart kraalogies nie glo oor wat hy onder sy pootjies sien nie: Mieliepitte! "Mieliepitte!" skree hy uit pure ongeloof, "Waar

sou dit vandaan kom?" Hy steek in sy vier spore vas en knyp homself om seker te maak dat hy nie dalk droom nie. "Nee, hierdie is werklik regte, egte mieliepitte!"

Eenstrepie gryp 'n groot mieliepit en verdwyn in sy tonneltjie in. Opgewonde begin hy met 'n gejaagde asem knaag aan die pit. Sy vlymskerp tande sny soos 'n warm mes deur botter deur die pit. "Mmmmmm, heeeerlik!" sug hy. Die pit word sommer vinnig verorber. Dan steek hy sy kop versigtig by die tonnel opening uit

en loer of daar nie dalk gevaar iewers skuil nie. Haastig spring hy uit, gryp 'n mieliepit en verdwyn weer in die tonneltjie waar hy die pit behaaglik sit en opslurp.

Oor en oor word sy aksie herhaal: loer vir gevaar; gryp 'n pit; spring haastig terug in die tonnel; eet die pit. Naderhand staan Eenstrepie se magie eintlik bol so trommeldik is hy gevreet. Met 'n lied in die hart slenter Eenstrepie later terug na sy nes toe. "Ek het die spens ontdek, en ek is lekker dik!" sing Eenstrepie so ver as wat hy

gaan.

Vroeg die volgende oggend, nog voor ontbyt, kom wys die Eenstreepmuis al klaar sy gesig. Gister het hy kort-kort uit die gras gespring, 'n mieliepit gegryp en dan weer verdwyn, tot groot vermaak van Adri. Hy het nou "haar" muis geword, en sy het hom ook sommer "Eenstrepie" gedoop.

Mamma bring die ontbyt uit na die stoep toe - stomende mieliepap met kaas en 'n klontjie botter in.

Chris se mond gaan sommer aan die water oor hierdie groot lekkerte. Iewers in die bos kom 'n sagte geluid aangesweef: "Hoeeeee, hoeeee", so half wasig, spookagtig. "Wat maak so, Pappa?" wil Chris weet. Pappa beduie dat dit 'n Spookvoël is. Dit is een van die mooiste voëls in die bos, met 'n goudgeel lyf en 'n silwergrys kop. "Hy is eintlik 'n soort laksman." vertel Pappa. 'n Spookvoël het 'n sterk snawel waarmee hy goggas, akkedisse en selfs klein knaagdiertjies mee kan vang.

Vir 'n oomblik is Adri baie bekommerd oor haar brose ou muisie, maar die gedagte waai by haar kop uit toe sy haar verlustig in Mamma se geurige mieliepap.

Skielik bars daar 'n vreeslike kabaal los: "Tjirrrrrr, tjakka-tjakka-tjakka-tjirrrrrr" skree iets hier uit die lang gras uit, en die arme Adri val amper van haar stoel af van die skrik. 'n Groot, koddige voël met 'n duisend kolletjies op sy lyf, swart sykouse en 'n blou hoedjie op sy kop kom uit die gras gestorm, gevolg deur al sy maters.

"Stjoepit Tarentale!" snou Adri hulle toe, "Hoe laat julle my skrik!" Chris lê soos hy lag.

Die kolletjies-voëls sien die mieliepitte raak, en gulsig bestorm hulle die hopie en begin pik asof hulle betaal word daarvoor. Adri se oë rek al groter as sy sien hoe die hopie pitte verdwyn in die gulsige goed se keelgate af. "Moenie alles eet nie!" soebat sy, "Wat van Eenstrepie? Los asseblief vir hom 'n paar pitte oor!"

Maar dit is alles verniet - binne minute is daar nie 'n enkele mieliepit oor nie. En dan begin die Tarentale skrop om te kyk of daar nie dalk iewers 'n pit onder die grond beland het nie. Hulle krap en skrop en skop dat jy net sien klippertjies spat, totdat daar naderhand 'n groot stofwolk om hulle hang.

En dan draai hulle om en verdwyn weer soos hulle gekom het, al Tjirrrrende en kekkelende en kloekende. "Arme Eenstrepie!" sug Adri. Gedwee staan sy maar op en

gaan haal nog 'n bakhand vol pitte wat sy voor Eenstrepie se voordeur kom neersit.

"Hoeeeee, hoeeee", sing die Spookvoël, nou 'n bietjie nader.

Eenstrepie wil-wil nog 'n slag 'n mieliepit gaan gryp, en dan bars die oorverdowende lawaai los: "Tjirrrrrr, tjakka-tjakka-tjakka-tjirrrrrr". Hy slaan amper bollemakiesie van skrik, en dan kies hy die hasepad, al in sy tonneltjie langs. Skielik gooi

Eenstrepie ankers uit. "Nou waarvoor skrik ek dan so? Dis mos net Tarentale!" Sy hart klop nog in sy keel as hy omdraai en stadig begin terugloop na sy nuutgevonde spens. En dan sak sy moed in sy skoene (as hy skoene sou gedra het, natuurlik). "Daardie simpele Tarentale het nou seker ál my mieliepitte opgevreet. Vrate!"

Eenstrepie is moedverlore as hy sy koppie by die tonnelopening uitsteek. Maar dan kan hy nie glo wat hy sien nie: die Tarentale is almal weg, en hier lê nou 'n

splinternuwe hopie mieliepitte by sy voordeur. Eenstrepie is so opgewonde oor sy ontdekking, dat hy sommer bo-op die hopie mielies gaan sit en hom verlustig in die groot lekkerte. Hy eet en eet en eet tot hy voel dat hy nie meer kan nie.

Maar dan gebeur die ding waarvoor hy sy hele lewe lank nog gevrees het. Alles gebeur so vinnig - so verskriklik, vreeslik, bloedstollend vinnig.........



Na Inhoud

Spokie die Spookvoël se maag maak sulke snaakse geluide van pure hongerte. Hy het dae laas iets ordentlik gehad om te eet. Hierdie tyd van die jaar is kos maar bitter skaars in die bos. Hy vlieg van boom na boom op soek na iets wat beweeg - 'n akkedis, 'n geitjie, 'n mot - enigiets sal doen, solank dit net kos is.

Moedeloos gaan sit hy in 'n Rooiboswilg wat langs 'n huis staan. Hy het moed opgegee om te soek, want daar is net mooi niks! "Hoeeee, hoeeee" kerm hy, maar

niemand wil ag slaan op sy geweeklaag nie. Spokie kyk af na die grond daar ver onder. Daar lê 'n hopie mieliepitte. "Jiggie!" dink hy, "So laag sal ek nooit óóit daal in my lewe, om mieliepitte te eet nie!"

Maar dan mis Spokie se hart skoon 'n slag: "Maar dis mos.... dis mos..... Nee, dit kan nie wees nie!" Hy maak sy oë toe en skud sy kop om seker te maak dat hy nie dalk droom nie. Hy kyk weer, en dan sien hy: "Ja, waarlik! Dit is 'n muis wat op die hopie mielies uitgestrek

lê!"

Spokie kry skoon die bewerasie van pure opgewondenheid. Hy skud sy vere reg, trek sy nek in, mik goed om sy visier in te stel. En dan trek hy weg soos 'n pyl uit 'n boog. Sy snawel kwyl al van die groot lekkerte wat daar onder vir hom lê en wag. Hy maak sy oë toe en sy snawel wyd oop om die muis te gryp........



"Pappaaa!!!!!" gil Adri, en sy hou haar hande voor haar oë, "Daardie voël gaan vir Eenstrepie opvreet!"

Almal sien hoe die Spookvoël met wydgesperde bek op die arme niksvermoedende Eenstreepmuisie afduik. Is dit die einde van die pragtige ou diertjie?

Eenstrepie maak sy ogies oop, en dan sien hy net hierdie verskriklike, vreesaanjaende snawel op hom afpeil. Hy probeer uit die pad spring, maar sy magie is so trommeldik gevreet, dat hy skaars kan beweeg.

Op die laaste oomblik rol hy om en maal met sy pootjies dat jy net sien mielies spat. Die volgende oomblik verdwyn hy in die tonneltjie, net, net betyds. Agter hom hoor hy hoe die Spookvoël die hopie mielies tref. "Sies! Ga! Ptoe!

Ptoe!" hoor hy die dierasie proes as hy mieliepitte uitspoeg.

"Adri, Adri, jy kan maar jou ogies oopmaak," troos Mamma, "jou Eenstrepie het betyds weggekom!"

Adri bars in trane uit - vir haar was die spanning een te veel. Boetie Chris kom sit sy arm om sy sussie: "Toemaar Sus, alles is verby - jou muis is veilig!"



 Na Inhoud

# Om die Kampvuur

Chris trek sy longe propvol van die heerlike aandlug. Die geur van allerhande soorte bossies is vreemd maar baie aangenaam. Hy dra 'n paar opvoustoele af na die braaiplek toe. Onder 'n reuse ou Knoppiesdoring, 'n entjie weg van die huis af, is die ronde sementblad waar daar gebraai word. Hier staan 'n hopie hardehout en 'n es - dit is 'n driehoekige staandertjie waarop jy 'n pot kan staanmaak op die kole.

Eenkant teen die boomstam staan 'n braairooster.

Chris gaan tel 'n paar armsvol dun houtjies op om die vuur aan die gang te kry. Hy is al 'n ou hand wanneer dit kom by vuurmaak - natuurlik baie goed by Pa geleer.

Adri kom saam met Pappa aangehuppel - sy is opgewonde, want elke aandjie om die vuur is 'n groot avontuur. Wanneer dit eers donker is, dan voel jy asof jy diep binne-in die bos is. "Pappa, kan ek vanaand die vuur maak asseblief

Pappa? Ek het nog nooit die vuur gemaak nie - Chris kry elke keer 'n beurt. Toe asseblief Pappa?"

Pappa gee bes, en Chris lag al by voorbaat in sy mou. Wat weet 'n simpel meisiekind dan nou van vuurmaak af? Dis mos vir die manne daardie!

Adri spring sommer dadelik aan die werk en begin houtstompies opmekaar pak. Sy stapel net die hele spul hout opmekaar, totdat daar 'n groot hoop hout lê. Met 'n glimlag kyk Pappa na haar moedige

poging, maar hy sê niks. Chris proes-proes oor haar onhandige metode - hy weet sommer dat dit nooit sal werk nie.

Adri tree terug en beskou selfvoldaan haar kunswerk. Nou net om dit aan die brand te kry. Chris gee vir haar 'n dosie vuurhoutjies aan. Sy kry wonder bo wonder 'n vuurhoutjie so ver om te vlam, maar wanneer sy dit in die hoop hout gooi, gebeur daar net mooi niks. 'n Tweede en 'n derde vuurhoutjie maak steeds nie 'n verskil nie. "Waarom wil die ding

dan nie brand nie?" wonder sy.

"Boetie help! Iets is verkeerd - hierdie vuur van my wil gladnie brand nie?"

Die trane loop oor Chris se wange soos hy lag. "So sal jy nooit in der ewigheid 'n vuur aan die brand kry nie! Kom ek help jou."

Chris herbou die vuur terwyl Adri vol konsentrasie toekyk. "Heel eerste moet jy fyn houtjies opsit," verduidelik hy, "want hulle brand baie maklik. Hulle moet die groot houte laat brand."

“O?” is al wat sy uitkry. Netjies word die fyn houtjies gepak, en bo-op dit kom die dunner stukke hout. Heel bo kom die dik houte. Dan haal Chris ‘n stikkie wit vuuraansteker uit en druk dit onder alles in. Die wit blokkie steek hy met ‘n vuurhoutjie aan die brand. “So, daar is hy!” staan Chris trots agteruit en aanskou sy handewerk. Binne minute vlam die vuurtjie hoog. En ook net betyds, want dit begin donker word.

Adri wag al heeldag lank dat die braai moet begin, want sy is trots

op wat sy gedoen het. Sy het alleen, sonder enige hulp die varktjoppies gemarineer. Wel, sy het darem so 'n klein bietjie raad van Mamma gekry - goed sy het sommer baie raad van Mamma gekry! Maar sy het dit gedoen!

"Ek het twee eetlepels sojasous en 'n halwe suurlemoen se sap in 'n bakkie gegooi. En ek het 'n groot teelepel braaivleis speserye en gemengde kruie ingegooi. En toe maal ek die kol..... die kollemander saad."

“Koljander saad.” help Pappa haar reg.

“Ja, daardie goed, en olyfolie ook. Ek toe meng ek alles. En toe sit ek die vleis in.”

“Ek is trots op jou, Adri.” gee Pappa haar ‘n drukkie.

“Adri!” roep Mamma haar uit die huis uit.



“Ek moet Mamma gaan help met die sous en slaai.” verduidelik Adri, en sy huppel die trappies op na die huis toe.

Pappa plaas 'n driepoot pot op die es en maak 'n vuurtjie onder hom. Daar is reeds water in. Pappa gooi 'n handjievol sout in, en wanneer die water begin kook, word growwe mieliemeel ingegooi en word dit deeglik geroer sodat dit nie klonte maak nie.

Wanneer Mamma en Adri afkom met die bak slaai en die potjie

sous, is dit alreeds pikdonker. "Oeee, dit lyk so gesellig hier om die vuurtjie." koer Mamma as sy die sous langs die vuur sit sodat dit warm kan bly. Nou stoom die potjie pap al heerlik, en Pappa los net 'n paar kooltjies onder die pot sodat dit stadig kan prut.

"Luister!" sê Mamma. Almal spits hulle ore. Saggies hoor hulle die diep bas stem van 'n leeu wat brul. Adri ril, maar sy geniet hierdie opwinding. Van die Krokodilrivier se kant af is daar 'n borrelende brul, en dan klink dit of iemand

verskriklik vulgêr lag met 'n diep, bulderende stem. "Seekoei!" sê Chris, "Hy klink baie snaaks, amper asof iemand vir hom 'n vreeslike snaakse grap vertel het."

"Chris, die kole is reg - dit is tyd om die vleis op te sit." gee Pappa instruksies. Chris is gretig om te help, en flink gooi hy eers die Boerewors en dan Adri se gemarineerde varktjoppies op die rooster. Die geur van die vleis maak dat die magies grom.

Skielik vlieg Adri om: "Wat was

dit?" vra sy verskrik, "Ek het takkies hoor kraak in die bos!" Almal sit tjoepstil, te bang om 'n geluidjie te maak. Dan kraak die takkies weer saggies. Pappa skakel die skerp flitslig aan. Twee helder oë skyn in die lig van die flits, en dan maak hulle die vorm uit van 'n bokkie. "Duikertjie!" sug Adri verlig. Sy ken hierdie ou bokkie al baie goed.

Die vleis is gaar en die pap gereed, en almal is skreeuend van die honger. Pappa lig die pappot se deksel, en dan borrel die stoom uit

die pot en die heerlike geur van pap vul die lug.

Wanneer almal opgeskep het, is dit eers tyd om vir die Here dankie te sê vir die kos en vir die wonderlike voorreg om so 'n bos-ervaring te kan hê. Nie ver weg nie staan die duikertjie rustig en wei.

En dan voel dit asof die lug vibreer as 'n leeu se brul oor die bos weerklink: "Aaaauu, aauuu oefff, oefff, oefff" eggo dit deur die doringbome. Chris word yskoud. "Hoe ver is hy Pappa? Dit klink

asof hy net hier anderkant staan!"

"Toemaar," lag Pappa, "Klank trek baie ver in die koel aandluggie. Hy is anderkant die Krokodilrivier."

"Sjoe!" sug Adri verlig. Die leeu se brul het 'n hele kettingreaksie ontlok, want skielik begin 'n Hiëna ook sy snaakse liedjie sing: "Hoeeeep, hoeeeep, hoeeeep."

"Die oumense het hom die ou Wolf-met-die-mank-been genoem," vertel Pappa, "omdat sy agterlyf baie kleiner is as sy voorlyf. Hy lyk baie lomp."

“Maar is hy dan lomp, Pappa?” wil Chris weet.

“Nee, baie beslis nie. Die meeste mense dink dat hy maar net ‘n stinkende ou aasdier is. Maar eintlik is hy ‘n baie goeie jagter - dalk selfs beter as ‘n leeu.”

“Sjoe!” Chris is nou vol verwondering vir hierdie dier. “Ek het gehoor dat sy kakebene so verskriklik sterk is, dat hy sommer baie dik bene middeldeur kan byt.”

“Koeee, koeee, koe-roe-koe-koeeee” sing ‘n Naguiltjie saggies,

"Koeee, koeee, koe-roe-koe-koeeee". En nou is dit Mamma se beurt om te "Oeee" en te "Aaahh", "Dit is so mooi!"

Bo in die Knoppiesdoring se takke ritsel die blare. Die flitslig se ligstraal vang twee reuse oë tussen die blare. En dan is hulle weer weg. Dan sien almal dit: 'n klein grys lyfie wat 'n verstommende sprong maak van die een tak na die ander.

"Nagapie!"
sê almal



gelyk, en verstom hulle aan die manier wat hierdie skatlike, piepklein apie lang

spronge maak van tak na tak.

Mamma het vroeër die aand 'n piesang in die mik van die boom gesit. Nagapies eet eintlik insekte, maar hulle is baie lief vir piesang. Die Nagapie kom sit by die piesang - sy pieringogies kyk diekant toe, daardie kant toe - nie vir een oomblik stil nie. Hy gee 'n hap of twee aan die piesang, en dan met een enkele sprong sit hy weer héél

bo in die boom. Keer op keer kom hy terug vir nog 'n happie piesang. "Sy stert is so mooi," koer Adri, "so sag en snoesig."

"Koeee, koeee, koe-roe-koe-koeeee" sing die Naguiltjie, "Koeee, koeee, koe-roe-koe-koeeee"

"Pappaaaa, ag vertel vir ons 'n storie, toe asseblief Pappa." Adri is mal daaroor as Pappa stories vertel - hy doen dit met soveel oorgawe.

"Nou goed dan, weet julle dalk

waarom 'n Hiëna se stertjie so stomp en koddig is?" Natuurlik weet niemand nie, en Pappa gaan voort terwyl almal die kringetjie stywer om die vuurtjie maak.

"Jakkals was nog maar altyd 'n ou wat vol skelmstreke was. Eendag sien hy vir Wolf aangestap kom terwyl hy by 'n klein dammetjie staan. En skielik kry Jakkals alweer 'n baie blink plan."

"Maar Pappa," val Adri hom in die rede, "Pappa het dan anderdag gesê dat hier nie Wolwe is nie."

“O ja, jy is reg. Maar onthou dat die oumense Hiëna ‘n Wolf genoem het. Nouja, dit was hierdie einste Hiëna-wolf wat ewe daar aangestap kom. Dit was winter, en kos was maar skaars. Baie vinnig gaan sit Jakkals ewe ernstig met sy stert in die dammetjie. Die water is koud, maar hy hou maar uit.

“En nou?” vra Wolf hom toe hy daar aankom.

“O, ek vang vis.” verduidelik Jakkals.

“Rêrig? ‘n Lekker sappige vissie sal darem lekker smaak. Hoe maak ‘n mens om vis te vang?”

“Aag dis maklik,” verduidelik Jakkals, “Jy sit maar net so met jou stert in die water. En wanneer jy die vis voel byt aan jou sterthare, dan pluk jy hom vinnig uit.”

“Ag dankie my ou mater!” sê Wolf, en hy gaan sit met sy pragtige lang stert in die dammetjie. “Brrrr, maar die water is ysig koud!” kerm hy.

“Ja,” stem Jakkals saam, “Maar dit is juis in sulke koue water waar jy die maklikste vis vang.”

Die tweetjies sit 'n rukkie so saam, en toe staan Jakkals op: “Verskoon my net so 'n rukkie - ek moet gou 'n draaitjie gaan loop.” verduidelik hy. Die eintlike rede waarom hy opgestaan het, was dat hy kon voel dat die water begin ys. Jakkals gaan staan agter 'n boom en hou die simpel ou Wolf dop, waar hy nog ewe rustig sit.

Wat Wolf nie besef nie, is dat die

dammetjie besig is om kliphard te verys. Na 'n lang ruk raak die ou kêrel moeg, en hy probeer opstaan, maar o wee! Hy kry nie sy sitvlak gelig nie. Hy ruk en pluk, maar sy stert is deeglik in die dammetjie vasge-ys. Hierdie kant toe en daardie kant toe trek en ruk hy, maar alles is verniet.

"Help!" skree Wolf, en Jakkals lê soos hy lag agter die boom. "Help! Iemand, ek sit vas in die dammetjie! Help!"

"Probleem my ou maat?" vra

Jakkals ewe onskuldig. "Lyk my jy het 'n baie groot probleem! Maar kom ek help jou."

En daarmee gryp hy vir Wolf aan die voorpoot, en saam trek die twee so hard as wat hulle kan. Skielik hoor hulle net 'n harde klapgeluid, en Wolf skiet los. "Einaaaaaa!" skree hy. Jakkals bekyk sy ou maat, en dan rol hy weer soos hy lag: "Jammer dat ek lag, maar jy lyk soooooo snaaks!" kraai Jakkals dit uit, "Jou stert - hy is stomp!"

"O, my pragtige, lang stert!" kerm Wolf. Hy was altyd so trots op sy stert, en nou is daar net 'n stompie oor. "O, my arme, arme stert!"

"En dit is waarom die ou Wolf-met-die-mank-been, Hiëna, vandag nog 'n koddige, kort krulstertjie het." verduidelik Pappa.

Adri klap hande oor hierdie skreeusnaakse storie. Die arme duikertjie skrik so groot dat hy sommer begin hardloop. "Slaaptyd", kondig Mamma aan, en terwyl sy en Adri die skottelgoed

indra, maak die twee manne die vuurtjie dood sodat daar nie dalk per ongeluk 'n veldbrand kan ontstaan nie.

Vir oulaas brul die leeu: "Goeeeie nag!" en die Hiëna antwoord hom: "Hoeee sê jy?" "Lekker slaap! Hô, hô, hmfff." lê Seekoei ook 'n eiertjie.

"Koeee, koeee, koe-roe-koe-koeeee........" sing Naguiltjie hulle aan die slaap.

# Oom Olifant, die reuse dier.

Leeu het dalk sy houding,
so vreeslik baie trots,
Maar 'n lafaard is hy sekerlik,
as hy met Olifant bots.
Ou Buffel is 'n skou-ding
Wat ek nóóit wil ontmoet.
Selfs hý is bang vir Olifant
As dié hom prontuit groet.
Seekoei, die gevaarlikste
Van al die diere hier,
Sal hardloop dat die stof so spat
Vir Olifant se gier!

# Die Ou Olifant

Chris en sy babbelbek-sussie, Adri is baie opgewonde. Pa ry heeltemal te stadig na hulle sin in die kronkelpaadjie deur die digte bosse van die vakansiedorp, Marloth Park. Links en regs van hulle staan ruie bosse. Die doringtakke van die Sekelbos met sy wrede dorings gryp-gryp na hulle motor. Reuse Maroelabome en Knoppiesdorings gooi groot skadu's oor die rowwe grondpaadjie.

“Pappa, wanneer kom ons dan by die rivier?” wil Adri weet.

“Ons is amper daar,” sê Pa, en dan spring die twee op en af agter in die motor van opgewondenheid.

“Vandag wil ek ‘n leeu sien,” plaas Chris sy bestelling.

Hulle is op pad na die Krokodilrivier, waar die dorp grens aan die Kruger Wildtuin. Tussen hulle en die rivier is daar ‘n hoë wildheining wat keer dat gevaarlike diere nie in die dorp kan kom nie - daar kan ‘n mens veilig

staan en kyk na die diere wat in die rivier kom suip.

Skielik is daar 'n opening in die bosse voor die motor: "Die rivier!" skree Chris uitgelate, "Ons is by die rivier. Is daar leeus, Pa?"

"Wag, wag Chris, wees geduldig. Kom ons gaan kyk of ons iets kan sien."

Die motor het nog nie eers behoorlik tot stilstand gekom nie, of Chris vlieg by die deur uit en hardloop na die wildheining, met sussie Adri kort op sy hakke. "Kyk

Pa, kyk, daar is 'n Olifant!" skree Adri.

"Shhhhhh, jy gaan hom verwilder." probeer Chris haar stilmaak. Hierdie grootbek-sussie van hom het ook vir niks respek nie!

Aan die oorkant van die rivier staan 'n groot ou Olifantbul. Stadig wieg hy heen en weer, heen en weer in die bedding van die



**oud**

Krokodilrivier.

Sy slurp soek-soek na die sagte, sappige spruite van riete.

Sestig jaar is 'n lang lewe vir 'n Olifant, en die laaste van sy ses stelle kiestande is nou vinnig besig om weg te slyt.

Die geurige boombasse en voedsame takkies wat hy altyd so netjies kon afkou sodat net die hout oorbly, dié is deesdae vir hom 'n pyniging om te eet.

"Sjoe Pa, maar dis 'n groot Olifant daai! Kyk net sy tande!"

Mense begin saamdrom op die rivier oewer. Olifant steur hom nie juis aan hulle nie. Hierdie is 'n vreedsame klomp, nie soos daardie wrede spul van baie jare gelede nie. Hy kan nog baie goed onthou. Dit was pas nadat hy sy eerste stel kiestande gekry het, toe het hy vir die eerste keer met mense te doene gekry - skaars een ou jaartjie oud.

Dit was nog in Mosambiek, waar hulle eers gebly het. Die grootwildjagters was agter hulle aan. Wat 'n verskrikking! Die

verskriklike geweerskote sal hy nooit vergeet nie. En die reuk van bloed toe een van die ou bulle hier reg langs hom raakgeskiet is. Die wilde getrompetter van die trop het hom so verskriklik bang gemaak.

Hy het net gehardloop en gehardloop. Sy arme beentjies kon skaars bybly om saam met die res van die trop weg te kom van die wrede slagting.

Maar Ouma was baie slim - sy het al die paadjies geken, en sy het

geweet presies waarheen om te vlug om van die jagters af weg te kom. Sy het hulle gelei na die Lebomboberge. Dit was steil berge wat hulle moet oorklim, en sy arme ou beentjies het skoon lam geword van al die steiltes. Ouma het verduidelik dat hulle na die Kruger Wildtuin toe op pad was - daar sou dit veilig wees. Daar was nie jagters wat Olifante geskiet het om hulle mooi tande te kry nie.

Maar 'n donker wolk het oor die wêreld gehang - die wolk van die tweede wêreld oorlog. Nee, hulle

het dit nie gesien nie - net maar die gerugte gehoor.

Tog snaaks dat hy elke nuwe stel tande aan een of ander gebeurtenis uit die geskiedenis kan koppel.

Vat nou maar die slag toe sy derde stel tande, hier kort nadat hy ses geword het, die lig sien. In dieselfde jaar kom die nuus dat die tweede wêreldoorlog verby is - daar is vrede. Maar wat-wo - hier was al lankal vrede in die Kruger Wildtuin! Nie 'n enkele

geweerskoot het hier geklap nie.

Maar vir julle arme mensekinders wat nou gladnie verstaan oor al die stelle tande nie, moet hy darem nou eers verduidelik: Net soos wat mensekinders tande wissel, so wissel Olifante ook tande. Maar dit gebeur baie anders as met mense. Die twee groot ivoortande word nooit gewissel nie, maar 'n Olifant se kiestande wissel. Die hele ry kiestande word elke paar jaar vervang - nie net een keer nie, maar ses keer deur sy lewe.

'n Olifant moet dit doen, want hy kou allerhande harde goed soos boomtakke om die sappige bas te kry, en dan slyt sy tande af. As dit nie wissel nie, sal hy later niks meer kan eet nie.

Toe hy die dag vyftien word, en hy al sy vierde stel kiestande voel uitkom, toe brand die vreugdevure hoog - nie oor sy tande nie, maar oor die ontwikkeling van die tegnologie. Die Amerikaners het daardie selfde jaar die Nautilus, eerste kernaangedrewe duikboot onthul; Boeing het die 707, die

wêreld se eerste spuitaangedrewe passasiersvliegtuig bekend gestel en Rusland het hulle eerste supersoniese vegvliegtuig, die Mig 19, die lig laat sien.

Iewers het hy gehoor dat dit 1954 is. Al hierdie raserige tegnologie het hom 'n hoofpyn gegee - of dalk was dit maar net van sy nuwe tande wat hy die hoofpyn gekry het. Hy het sommer die eerste motor wat hy kon kry gejaag dat jy net sien klippe spat. Daardie arme ou ry seker nou nog! Maar dit het hom sommer stukke beter laat

voel.

1966 was nog 'n groot mylpaal in sy lewe - dit was die jaar toe hy vir die eerste keer baie ernstig begin kyk na so 'n mooi jong Olifantkoeitjie wat by hom woul vlerksleep. En toe kry hy sy vyfde stel tande. Wel, hierdie stel was darem vir jou 'n bobaas stel malers. Dit het hom 'n volle twintig jaar gehou, want eers op die rype ouderdom van 47 kry hy sy laaste stel kiestande.

Dit was die jaar 1986 - die jaar

toe die verskriklike ongeluk gebeur het. In Rusland, in die dorp Chernobil het die kernreaktor ontplof - wie sou dit ooit kon vergeet. Wat 'n aaklige tragedie! Ja, dit het amper soos 'n kernontploffing in sy mond gevoel toe hierdie nuwe stel tande ontpop. Maar nou is hulle amper daarmee heen. Hoe lank kan hy nog so aan die lewe bly voordat hy uiteindelik van die honger sal vrek?

"Pappa, bly daardie Olifant maar al die jare hier by die rivier? Pappa

onthou mos, ons het hom gister ook hierso gesien."

Wat dink die klein japsnoet dan van hom! Toegegee, hy loop nou swaar en hy moet maar naby die rivier bly, maar tot onlangs toe kon hy nog sestig kilometer in 'n dag afstap. En weet die klein snip dan nie dat Olifante 'n loopgebied van oor 'n duisend vierkante kilometer kan hê nie?

Anderdag nog het hy verneem van sy familie daar onder in Kaokoland - merkwaardige klomp, daardie

woestyn-Olifante. Hoe die arme drommels daar in die sand en klippe kan oorleef, gaan sy verstand te bowe. Daardie klomp dikvelle - so sê hulle - het 'n loopgebied van meer as tweeduisend vierkante kilometer. Maar nou-ja, daar is kos maar bitter skaars, en hulle moet maar baie, baie ver loop om iets sappigs te ete te kry.

Hulle sê dat daardie spul so versigtig moet werk met hulle kosvoorraad dat jy nooit sal sien dat een van hulle 'n boom omstoot

vir daardie sappige boonste blaartjies nie. En boonop sal hulle ook nie sommer 'n boom se bas afstroop nie, want dit kan veroorsaak dat die boom uiteindelik vrek. En dan is hulle kosvoorraad daarmee heen!

Maar nou wonder hy hoe hulle dit dan regkry om genoeg kos in die hande te kry - 'n Olifant het elke dag honderd en sewentig kilogram kos nodig om hom aan die lewe te hou. Nie eers te praat van water nie. Waar kry jy elke dag genoeg water vandaan in die woestyn?

Daar sal 'n man mos vrek van die dors!

Die blote gedagte aan dors laat die ou grote instinktief nader water toe staan, en hy suig sy slurp propvol en spuit dit behaaglik daar diep agter in sy  reuse keelgat in.

"Kyk Pappa, hy sluk sy slurp in!"

"Aag is nie Sussie! Moenie stjoepit wees nie man! Jy kan mos sien hy drink water. Pa, hoeveel water drink 'n Olifant? Ek wed hy maak 'n tweeliter Coke bottel met een sluk leeg!"

Tweeliter Coke bottel! Die arme ou partriarg verstik amper in die water. Verbeel jou!

Weet die klein snuiter dan nie dat 'n ordentlike Olifant **TWEE HONDERD** liter water met een drinksessie kan wegslaan nie?

"Pappa . . . Pappaaaa, hoekom is sy tande so groot?"

Daardie klein dogtertjie met haar temerige stemmetjie begin nou op sy senuwees te werk, en haar beterweterige boetie . . . hy gaan natuurlik nou weer sê . . .

"Aag sussie, het jy nog nooit die storie gehoor van Rooikappietjie en die Wolf met die groot tande nie, hê? Wel, daardie Olifant se tande is só groot, hy hap jou met één hap middeldeur!"

"Aag is nie! Pappaaaaa . . . ?"

Die ou Olifant luister lankal nie meer na al hierdie snertlike geklets nie. Sy gedagtes dwaal - baie ver dwaal dit na die dag, dáárdie dag toe hy die ou Grote ontmoet het, hier in die einste Kruger Wildtuin!

Sy bek het skoon oopgehang van pure verwondering oor dáárdie tande. Dzombo was sy naam. Later moes hy hoor dat sy twee tande saam 112 kilogram geweeg het toe hy die dag dood is! Foeitog, die ou is op die jeugdige ouderdom van 48 die ewigheid in, in 1983. As daardie ou kon skryf, dan het hy vir hom sy handtekening gevra, maar nou-ja . . .

Dink nou net, almal het so vreeslik gekwyl oor die ou grootvoet, en eintlik was hy maar 'n kleintjie in vergelyking met die ou reus wie se

tande in die Britse museum staan. Sy paar tande weeg so amper-amper 200 kilogram. Die ou knewel het donkies jare gelede in Kenia gebly.

Met moeite lig hy sy ses-ton liggaam teen die wal op en gaan staan onder die lowergroen skaduwee van 'n reuse ou trosvy. Darem heerlik rustig hier langs die groot Krokodilrivier. As daardie dekselse klein dogtertjie daar oorkant die draad in die vakansiedorp net vir 'n slaggie wil stilbly!!!

Sy irriteer hom tot in sy . . . sy . . . Wel, sy irriteer hom! Verskriklik!!!!

Sy klein ogies (wat eintlik maar net so groot soos 'n mens s'n is) tuur oor die rivier om te probeer sien waar haar geteem vandaan kom, maar hy kan haar maar net nie raaksien nie. Hy kan nie help dat 'n Olifant nou nie juis die beste oë in die diereryk het nie. Hy waai sy twee reuse ore wat 'n volle vyfde van sy liggaamsoppervlak beslaan om hom af te koel. 'n Olifant se ore weeg

elkeen twintig kilogram, en hulle kan 'n volle twee meter lank wees.

Dit was nie altyd so rustig hier nie. Nee, Olifante was gejag, menéér, gejág, met 'n hoofletter "J"!

Daardie oorlog het begin so pas nadat ou Jan van Riebeeck hier sy voet aan wal gesit het in die Kaap in 1652. Daardie jare was daar glo Olifante in die Kaap van Kakamas, Kuruman en Kleinmond tot in Kenhardt. Maar uiteindelik het daar net 'n paartjies oorgebly in Knysna.

En natuurlik was daar die ou belhamels in Addo, maar oor hulle praat mens nie - dit is familie wat jy liewer nie wil ken nie! Hulle het al die jare net moeilikheid gemaak, en die Olifante van Suid-Afrika 'n slegte naam gegee. Daardie familie wil hy liewer vergeet!

Eintlik het die hele petalje al baie vroeër begin, al 'n honderd en vyftig jaar voor Oupa Jan van Riebeeck se trippie Kaap toe. Die Portugese het mos hier in die vyftiende eeu al vir Mosambiek geannekseer. Volgens die rekords is

daar tussen 1512 en 1515 uit die Mosambiekse hawe, Beira, 'n volle 69'000 kilogram ivoor uitgevoer! Afgryslik!

In Natal het dit later net so erg gegaan. Daar was groot troppe Olifante in die groot stad, Durban. Tot in 1860 kon jy nog goed uitgetrapte Olifantpaadjies sien in Durban se kuswoude, daar waar nou net woonstelle en huise staan. Maar al die Olifante was toe al klaar uitgemoor, die laastes is in 1854 daar doodgeskiet, net vir hulle tande.

In 1873 was daar uit Natal reuse vragte ivoor uitgevoer. Uit die ou Transvaal alleen was daar jaarliks 'n halfmiljoen ton ivoor na Engeland uitgevoer. Vyftigduisend Olifante moes hiervoor baie duur met hulle lewens betaal.


Teen die jaar 1903 was daar vir alle praktiese doeleindes nie 'n enkele Olifant in die hele Suid-Afrika oor gewees nie (buiten natuurlik vir die paartjies in Knysna en Addo). En waar daar in die Magaliesberge, volgens die jagter Cornwallis Harris, in die

1860's groot troppe Olifante teen die berghang gewei het, was daar nou net die bleek geraamtes, doodsbeendere - spoke van eertydse sagmoedige, trotse reuse. Die monumente van die mens se versugting na die eksotiese rykdom van ivoor.

Ingedagte staan die ou bul so en skoffel-skoffel met sy voorpoot in die stof. Ja, dit was so hit-te-te of almal was uitgeroei. Was dit nie vir die ondeurdringbare woesteny van Mosambiek waar nog 'n paar gehardes kon wegkruip nie.

 **Na Inhoud**

En natuurlik die feit dat 'n Olifant soos 'n groot speld kan verdwyn in 'n ruigtetjie - as dit nie daarvoor was nie, dan was dit klaar met Kees. Ja, dan was hulle ook gereken saam met die Dodo's en die Mammoete.



"Pappaaaaa . . ., watse ding is 'n Mammamoet?"

Mammóét, jou simpele klein

meisiekind, Mammóét, nie 'n Mammamoet nie! Hoevéél moet hy nog vandag verdra? Nóú sal haar pa sy storie moet ken om vir haar te verduidelik.

Daardie pa weet natuurlik nie dat daar twee soorte Mammoete was nie, die groot Mammoet én die harige Mammoet met sy halfmeter lange geel-bruin hare. Hulle het natuurlik al baie jare terug uitgesterf.

Die Afrika Olifant (dis nou ons soort) is natuurlik nie die enigste

Olifant wat oorleef het nie. Die Indiese Olifant, heelwat kleiner, dié het ook behoue gebly en is al drie duisend jaar gelede deur die mens gebruik as werkesel (wat 'n vernedering!) Sommige geleerdes wil ook beweer dat die Woud Olifante van Zaïre 'n aparte spesie is. Hy is heelwat kleiner as die klomp hier onder in die vlaktes (2½ meter hoog teenoor die amper 4 meter van sy Suidelike broers), en dan is daar nog 'n paar klein verskilletjies ook. Sommige malles beweer selfs dat daar

Dwergolifante in die reënwoude van Donker Afrika bestaan! Bid jou aan! Totale, ongegronde, waansinnige onsin! Of is dit?

Kolonel Stevenson Hamilton, die eerste parkhoof van die Kruger Wildtuin (dit was toe nog die Sabi Reservaat) het in 1903 in sy veldverslag geskryf dat Olifante amptelik uitgesterf het in Transvaal, aangesien daar toe nie 'n enkele Olifant oor was nie, nie eers in die Kruger Wildtuin nie.

Skaars twee jaar later berig hy

dat daar 'n paar Olifante uit Mosambiek in die park aangekom het. Binne 'n skamele vyftig jaar groei hierdie paartjies aan tot 'n astronomiese sewe duisend Olifante. Merkwaardig!

Maar dan moet jy darem onthou dat 'n Olifant 'n merkwaardige dier is!

Is dit nie wonderlik hoe die Here Sy hand oor die skepping hou nie? Die mense het so hard probeer om al die Olifante uit te roei, maar die Here wou hulle nog hier hê. Hy

het gesorg dat daar genoeg wegkruip plek is vir die Olifante om te kan oorleef, want Hy het hulle nog nodig gehad hier in Afrika. En toe die mense die dag ophou om hulle uit te moor, toe laat kom God daardie wegkruipers uit die bosse. Wonderlik, is dit nie?

Ja, 'n uiters merkwaardige dier, die Olifant. Vat nou maar daardie neus van hom. Nou wel nie 'n baie gewone neus nie, want sy slurp is 'n veeldoelige instrument waarsonder 'n Olifant net

eenvoudig nie kan oorleef nie. Nou-ja, daar is enkele gevalle bekend waar hulle tog oorleef het sonder 'n slurp.

Maar nou wil ek julle eers vertel van die Olifant se wonderlike slurp. In die eerste plek is dit, net soos by meeste ander soogdiere, sy neus waarmee hy natuurlik ruik. ('n Soogdier? Ja, natúúrlik is 'n Olifant 'n soogdier - 'n baba-Olifant drink melk aan sy mamma!) Het jy al ooit gesien hoedat 'n trop Olifantkoeie wat onraad vermoed, so met hulle slurpe in die

lug rond "proe" vir 'n ongewone reuk? Wel, met so 'n groot neus is dit natuurlik net logies dat hy báie goed moet kan ruik. Dan natuurlik, soos jy pas gesien het, gebruik hy hom om mee water te drink.

Maar die slurp is nie sommer net 'n lomp stuk pyp nie! A-nee-a! Hy is 'n delikate instrument met twee vingers, soos 'n voorvinger en duim, waarmee hy klein blaartjies netjies kan afpluk, maar ook sommer 'n dik tak kan breek. Met sy slurp pluk hy graspolle uit, stof dit netjies af en prop dit in sy bek,

of hy strooi stof of water of modder oor sy rug, afhangende van sy behoefte.

Sy slurp is verskriklik sterk. Daarmee kan hy bome omstoot, so groot dat dit selfs 'n groot stootskraper sal opdraande gee. Maar om die kersie op die koek te sit, is die slurp ook 'n delikate musiekinstrument waarmee hy sy misnoeë te kenne kan gee, of partykeer, sommer vir die pure plesier daarvan, kan blaas soos 'n trompet, met 'n verskriklike geskal.

"Pappaaaa . . . , kan Olifante praat, Pappa?"

"Aag Sussie, moenie vir jou staan en stjoepit hou nie man, jy weet mos diere kan nie praat nie!"

Aag boetie, moenie vir jou staan en stjoepit hou nie man. Olifante is nie sommer elke dag se diere nie, en net vir jou inligting: Olifante kán praat. Dis net julle mense wat hulle nie kan verstaan nie. Partymaal hoor mens sulke diep rommel-brul geluide wanneer Olifante bymekaar is.

Almal het eers gedink dat dit sy maag is wat so rammel van spysvertering of iets, maar die slim mense (drie hoera's vir hulle!) het nou uitgevind dat die Olifante die geluide maak met hulle stembande wanneer hulle met mekaar kommunikeer (gesels, praat), en verskillende rammelings beteken verskillende dinge. So reageer die hele trop as die ou leier-koei 'n sekere geluid maak. Dus: ***Olifante kan praat!***

'n Ander, baie merkwaardige ding omtrent Olifante, is die hele

kwessie rondom voortplanting (nee, ons gesels nie nou pornografie nie!) 'n Mensevrou is vir 9 maande swanger, en dan bring sy 'n piepklein babatjie van 'n skamele drie kilogram in die wêreld. Die arme Olifantkoei loop vir 'n volle 22 maande (amper 2 jaar, vir julle dommies), en dan word daar 'n "kleintjie" gebore wat 'n volle 160 kilogram weeg. Geen wonder nie dat sy dan die baba met haar lewe sal beskerm en hom vir ten minste twee jaar lank liefdevol sal versorg.

Sy sal hom vertroetel met die grootste sorg en liefde, hom gereeld afstof, water oor hom spuit, hom help oor allerhande hindernisse . . . Kortom: 'n Olifant-ma is die héél beste!

Moeisaam draai die ou kolos hom om, wildtuin se kant toe. Geruisloos, met moeë, dog sagte treë wieg hy voort tussen doringbome deur, die bult op. 'n Dik laag kraakbeen op sy voetsole wat soos 'n spons uitsprei wanneer hy trap, werk soos 'n skokbreker en sorg dat hy byna geruisloos kan

beweeg deur die bos. Uiteindelik lê net die reuse spore, byna 'n halfmeter in deursnee, in die stof om te sê: Ou Grote was hier!

"Pappaaa . . . ek is honger! Kan ons nie maar huis toe gaan nie? Pappaaa . . . ?"

“Uiteindelik, vrede!” sug die ou Olifantbul. “Volmaakte, totale, stille, rustige vrede!”

# Neushoring Sloof hom Af

Droomverlore sit Chris op die stoep. Daardie Rooibek Neushoringvoël wat so kort-kort hier voor die stoep kom land op soek na iets eetbaars, is alweer hier.

Mamma het dit in haar kop gekry dat absoluut niks wat enigiets dalk kan eet



in die asblik sal beland nie. Dit is so erg, dat die miere wat by die asblik verby loop, nie eers daarin gaan loer nie, want hulle weet by voorbaat dat daar niks te ete sal wees nie. *As jy al moedelose miere gesien het....... Al* die oorskiet word voor die stoep uitgegooi, en daar bly dit nie baie lank lê nie, want iemand sal dit die een of ander tyd kom vreet - as dit dan nou nie die voëls of die vlakvarke is nie, dan kom die groot swart miere dit by - daai soort wat so lekker seer kan byt - en binne 'n

japtrap is alles weer silwerskoon.

Maar wat vir Chris fassineer, is dat hierdie neushoring nie hier kom sit en eet nie - nee, elke keer as hy ietsie hier kry wat eetbaar is, dan vlieg hy reguit in een rigting. Chris het sy sussie, Adri gevat en gaan wys waarheen daardie voël vlieg - daar is 'n nes in 'n reuse ou Knoppies-doringboom. Nou nie dat jy die nes kan sien nie - dit is nie een van stokkies en gras soos die ander voëls s'n nie. Jy moet baie fyn kyk om die spleet in die skurwe bas van die boom te

kan sien. En ook net wanneer die pa-voël daar aankom, sien jy Ma se rooi lipstiek-bek deur die skrefie loer.

Pa is skaars in die lug met sy kos, dan hoor 'n mens al die kleintjies skree: "Pa, dis my beurt!" "Issie sussie, ek het lanklaas kos gehad - dis nou ekke Pa!" en dan tjip Ma tussenin: "Kyk, as ek nie **NOU** iets te ete kry nie, dan is daar **GROOT** moeilikheid!"

Arme Pa Neushoring lyk eintlik maer en uitgeteer van al die harde

werk - heen en weer, heen en weer nes toe. En elke keer vlieg hy eers 'n draai voor die stoep verby, net vir ingeval hier dalk iets is wat sy taak makliker gaan maak.

Chris volg die Neushoring wanneer hy weer een slag van die nes af terug kom. Eers mik hy vir die kos-kolletjie voor die stoep, maar dan vang sy oog iets in die droë kol gras 'n entjie weg. Hy slaan remme aan in die lug dat jy eintlik "Tjie, tjie, tjieeeeee!" hoor, en dan plof hy neer tussen die grasse. Daar is 'n groot gestoei aan die gang, maar

Chris kan nie uitmaak wat aan die gebeur is nie. Hy spring op en gaan haal Pappa se verkyker - net betyds om te sien hoe die Neushoring opvlieg en in die lae takkies van 'n rooiboswilg gaan sit en spartel met iets. Chris verstel die verkyker om mooi te fokus op die voël. Dis beslis Pa Neushoring, en in sy bek het hy 'n reuse sprinkaan - amper so groot soos Pa self. Die sprinkaan veg om lewe en dood om uit die Rooibek Neushoring se verskriklike greep los te kom. Dis net vlerke en pote

wáár jy kyk.

Oopmond sit Chris hierdie verwoede geveg en dophou. Vir hom lyk dit amper na 'n toneel uit Star Wars, en die verkyker wat alles so verskriklik naby bring, maak hierdie geveg nog meer skrikwekkend. Chris bekyk die sprinkaan se gevaarlike agterpote - lang, gevaarlike, skerp stekels staan ingeryg op die dierasie se bene, presies nes een van daardie buiteruimtelike monsters. Die sprinkaan mik mooi met sy agterpote, en dan gee hy die

Neushoring 'n karate-skop dat die spoeg so spat. Chris kry eintlik seer vir die arme voël se part. Maar die voël klou!

Chris wonder hardop wie hierdie geveg gaan wen - dit is nog enigeen s'n. Die Neushoring het daardie gevaarlike bek, net so skerp soos 'n Arabier se krom sabel. Maar kort-kort skop die aaklige monster die arme voël in die gesig met sy dodelik-gevaarlike gespykerde bene. Pa Neushoring veg verbete om hierdie gedrog dood te kry, maar 'n sprinkaan is 'n ánder tawwe

koekie!

Uiteindelik slaak Chris 'n sug van verligting, as hy sien dat die sprinkaan se gevaarlike skoppe begin momentum verloor. Die dierasie se gô is uit, en sy spykerbene gee net sulke power, halfhartige ou skoppies.

Nou sit Chris en wonder hoe die voël daardie groot sprinkaan gesluk gaan kry. Hy sal sékerlik nie hierdie een nes toe dra nie - 'n pa-voël moet darem tog mos ook eet! Deur die verkyker sien Chris hoe

die kragtige snawel van die Neushoring die sprinkaan-gedrog se dop kraak. Chris gril, want hy verbeel hom hy kan eintlik hóór hoe dit kners onder die voël se tande. "Het voëls ooit tande?" wonder Chris, "Seker maar nie." Dan begin hy om die ding te slaan teen 'n tak - seker maar om hom lekker sag te maak vir daardie groot sluk-slag.

Maar dan, tot Chris se groot verbasing, moet hy sien dat die Neushoringvoël nie die geurige stuk saggemaakte "biefstuk"

afsluk nie - hy kies koers reguit nes toe daarmee - die sprinkaan se vlerke al fladderend in die wind. 'n Minuut later hoor hy hoe die kleintjies in die nes baklei oor wie die vlerke gaan kry en wie die kop. "Ja, die sussie gaan natuurlik alweer die sagte pensvleis kry!" dink Chris in sy wrewel - "Dit werk mos elke keer so!"

In die huis is daar 'n roering - Pappa se middagslapie is verby, en hy kom uit stoep toe. "Het hier iets opwindend gebeur in my afwesigheid?" vra hy tergend vir

Chris. En dan vertel Chris hom van die verskriklike drama wat daar afgespeel het. “Ek kry hom so jammer”, sug Chris, “dit moes baie swaar wees om so hard te werk vir ’n stukkie kos, en dan moet jy dit vir die kinders gaan voer.”

Mamma het nou ook bygekom, en sy gooi haar stuiwer in die armbeurs: “Ja, weet jy hoeveel selfdissipline en opoffering dit van hom moes vat om nie sélf daardie heerlike gereg te eet nie, maar om dit vir die kleintjies te gaan voer.”

“Nee”, sê Pappa, “Dis pure desperaatheid wat hom so ver gedryf het. Die arme Neushoring kon die gekerm in die nes nie meer vat nie!”

Mamma is sommer gemaak-vies vir Pappa se onsensitiewe opmerking: “Dit was uit ware, onbaatsugtige deernis en liefde vir sy gesin wat hy dit gedoen het - van daardie soort wat maak dat hy sy eie lewe opoffer vir ander, sonder om iets terug te verwag. Onthou: Pa Neushoring het sy vrou en kinders persoonlik in die nes toegemessel,

met net 'n ou gleufie waardeur hy hulle kan voer. Hy kon so maklik besluit het dat hy genoeg gehad het van die gekyf, en die spul neulpotte net daar gelos het om self op te snork. Hy kon pad gevat het en 'n ander mooi dingetjie gaan soek het elders in die bos - enetjie wat nie so baie fieterjasies het nie......" Mamma is nou behóórlik opgewerk. "Maar hy het anders besluit!"

"Nee, Liefie, dit is suiwer instink."

"Wat is instink, Pappa?" wil Chris

weet, “Hoe werk dit?“

Adri het nou ook bygekom, en sy hoor net die stertkant van die gesprek: “Maar ek ruik niks stink nie.....“ lê sy haar eiertjie.

“Aag sussie, jy praat alweer uit jou beurt uit - instink!“

“Instink is wanneer iets in ‘n dier se gedrag ingeprogrammeer is.“ verduidelik Pappa. Hy vertel dat dit amper soos ‘n rekenaar is, wat sekere programme so vanself, automaties uitvoer, sonder dat jy hom die opdrag gee om dit te doen.

Wanneer 'n klein Rooibokkie gebore word, dan kan hy binne 'n paar minute op sy vier pote staan en loop. Niemand het hom geleer hoe om dit te doen nie, maar hy weet dadelik presies wat om te doen. 'n Mense-baba neem die beste deel van 'n jaar om te leer loop. En 'n baba-wurmpie weet presies watter soort blare om te kan vreet - niemand het hom dit geleer nie.

Daardie aand, by die gesellige knetterende kampvuur, lees Pappa uit Psalm 104 voor. Dit gaan oor al

die wonderlike dinge wat die Here gemaak het - die see en die voëls en bome - alles wat ons kan sien. "***U het baie dinge geskep, Here,***" lees Pappa, "***die aarde is vol van wat U gemaak het, en tog, U het alles in wysheid geskep.***"

"Pappa, beteken dit dan dat God die Neushoringvoël met instink geskep het? Dat hy reg van die begin af geweet het dat hy sy vroutjie en kinders moet voer?"

"Inderdaad Chris, instink is nie iets wat aangeleer word nie - dit is

iets wat die Here vir die diere gegee het."

"Ek wonder waar die Pappa Neushoringvoël vannag sit en slaap? Hy het mos nie 'n nes nie - Mamma is veilig in die nes by die kleintjies. Ek kry hom so jammer, Pappa......"

Iewers, baie ver, brul 'n leeu: "Oemf- oemf - goeie nag...."

# Wildtuintrippie

Snerpend koud die oggendlug
Opgewonde ry ons oor die brug.
Wasig stoom die Krokodil,
Sy rustige water geheimsinnig-stil
Oom Paul se Wille Krugertuin wink
Oorkant die watertjies wat blink.

Lang-tou wag ons by die hek -
Wat 'n morsdood-vervelige plek!
"Waarvandaan, ou maat, kom jy?
En waar gaan jy vandag heen ry?"
Praatjies maak die wagtyd kort.
Die hek is oop - en ons is vort!

Stadig kruip die bos verby
As ons suutjies
deur die Willetuin ry.
Iets roer die grassies - "Stop!
Gou, stop!"
'n Simpele rooibok lig sy kop.
"'n Wille-blou-bees!
Ek kan hom sien!"
"Aag, daar anderkant
staan nog tien."

'n Rit in die herfs
is maar bra vervelig:
Die diere kruip weg agter
vaalbossies welig!
Al wat ons sien
is grou-gras en bome
En vuilbaard en tier
sien ons net in ons drome....
Maar stadig ontdek ons die
herfskleure-wonder:
Oranje en rooi
met roesbruin daaronder.

Iets grys beweeg in die ruigtes,
ek dink,
ek sien daar 'n oog
met lang wimpers wat wink!
'n Olifant! Waarlik!
Die reuse ou dier
wat mense mos lekker
laat lag van plesier.
Sy kleinstertjie agter en
grootstert daar voor
waarmee hy kan ruik
en waarmee hy kan toor!

Tjokwane die is mos
'n groot piekniek plek
waarheen ieder en elk
tog vir brêkfis vertrek.
Daar's neushoringvogels
en glansende spreeue -
die plek het g'n draad om -
ek hoop daar's nie leeue!
Ons braai lekker worsies
met eiers daarby -
loop gou-gou 'n draaitjie,
dan kry ons ons ry.

Twee dorings op sy neus -
groot dorings!
Renoster is g'n bees -
met horings!
En nors is hy beslis -
verskriklik,
met lippe dik en breed -
verruklik!
'n Voël kruip in sy neus -
en ore;
Renoster staan net droom -
verlore.

Om 'n draai in die pad
pryk 'n rof klipperkoppie:
Op 'n groot ronde rots
staan die skattigste bokkie.
"Pa, hoe kom hy daar?
Hoekom val hy nie af nie?"
"Dis 'n klipspringer Chris!
Ag wees tog nie laf nie!"
Hy huppel oor rotse
en klippe en slote -
vlugvoetige bokkie
met stiletto-pote

Iets roer in die gras -
dis 'n leeu! Dalk 'n tier?
"Aag Liefie, dis 'n stomp."
"Nee nooit! Dis 'n dier!"
Die verkykers uit -
ons nek-rek en loer
die ding wat ons soek,
skuil in lang gras daar dóér.
Dan lig hy sy kop -
dis 'n vlakvark my ou!
So ry ons vies verder -
hy't ons lelik geflous.

Voor in die pad -
net soos die stad,
verkeersknoop sowaar -
wat sien hulle daar?
"Dis leeu", beduie iemand -
"daai bos aan die voorkant."
Hy't bok gevang, verneem ek -
aan sy baard is nog 'n bloedvlek.
Staan Vuilbaard uit die gras op -
gaan my hart woes aan't klop-klop.
Met pikswart, woeste maanhaar -
troon Koning van die Bos daar.

# Maar.....

Hier'ie rympie issie klaar'ie
Maar dis iets wat my 'ie pla 'ie
Dink gerus maar ôk 'n sersie
'n skryf dan maar jou éie versie!

# Wildtuin toe

"Opstaan, opstaan!" Pa se vrolike stem weergalm deur die huis, "Opstaan, die Wildtuin roep!"

"Aag Paaaa, dis dan nog nag!" Chris is nie baie gelukkig nie, want om darem in die middel van jou vakansie nog pikdonker in die oggend te moet opstaan - Ai! Maar nouja, as dit dan moet, dan moet dit seker. Half deur die blare strompel hy badkamer toe. Sy tandeborsel soek-soek na sy mond, maar dis maar half moeilik. Eers

wanneer hy onder die heerlike warm water van die stort staan, word hy behoorlik wakker.

“Boetie, maak gou!” kerm Adri voor die badkamerdeur, “Ek moet **NOU** die badkamer kry!”

Pappa stap al op en af op die stoep van pure ongeduld - oor die klomp wat maar net nie kan klaar kom nie. Maar uiteindelik vertrek hulle vir ‘n daguitstappie Kruger Wildtuin toe. “Ek weet ook nie hoekom ons so vroeg moet ry nie.” kla Mamma. Wanneer hulle ‘n halfuur later voor

Krokodilbrug se hek stop, is die hek nog toe. Daar staan alreeds 'n paar motors voor die hek en wag. Vyf minute later kom die hekwag uit en maak die hek oop.

Dit vat hééltemal te lank na die twee kinders se sin om die formaliteite af te handel, maar uiteindelik draai die motor se neus by Krokodilbrug kamp se hek uit. "Ons is in die Wildtuin!" juig die twee kinders. Nou hang almal letterlik by die vensters uit om te soek vir diere. Die winterluggie is ysig koud, maar niemand gee om

nie. “Daar’s diere Pappa!” skree Adri opgewonde, skaars twee minute later.

“Aag dis net Rooibokke man!” sug Chris.

“Pappa, wanneer gaan ons leeus sien?”

Pappa sug swaar - dit gaan ‘n baie lang dag wees!

Op die kaal vlaktetjie, net anderkant Krokodilbrug se hek, staan daar oral klompies-klompies diere rond. Dit lyk asof daar nie ‘n krieseltjie gras is om te vreet nie,

maar daar is Blouwildebeeste, Sebras en Rooibokke net waar jy kyk. "Daar!" skree Chris opgewonde, en hy wys na 'n bossie. Sowaar, half agter die bos staan 'n grys kolos. "Renoster." sê Chris trots. Dis 'n witrenoster - jy kan hom herken aan sy plat lippe. Pappa verduidelik dat witrenosters eintlik grasvreters is, en dat hulle lippe so plat is want hulle "knip" die gras af, amper soos 'n grassnyer.

"En wat van Swartrenosters, Pappa?" wil Chris weet.

"'n Swartrenoster se bolip het 'n skerp punt - amper soos 'n soort slurpie, want hy eet takkies en blare. Hy gryp die takkies met sy bolip." Pappa vertel ook dat Swartrenosters selfs doringtakkies vreet, en dat hy nie omgee as die dorings hom in die bek steek nie. "Seker maar daarom dat hy altyd in so 'n slegte bui is." spot Pappa. Swartrenosters is ook baie kleiner as Witrenosters.


'n Ent verder draai 'n grondpaadjie af. "S130" staan daar geskryf op die rigtingwyser. Chris volg dit

noukeurig op die kaart wat hy by die hek gekoop het. Dit is maar 'n rowwe, stowwerige kronkelpaadjie, en plek-plek loop dit deur baie digte bosse. "*As* hier darem nou 'n Olifant moet uitpeul....." dink Chris, "dit kan half ongemaklik wees!"

En dan is dit ook amper so. Wanneer hulle 'n oopte in die bos bereik, staan hy daar - 'n kolos van 'n Olifant. Nie sommer net enige ou Olifant nie, maar die grootste van die grotes. Sy twee vuilwit ivoortande is so lank dat hulle op

die grond rus. Pappa skakel die motor af en die kamera word uitgehaal. “Dit is die grootste Olifant wat ek al ooit in my lewe gesien het!” sê hy vol bewondering.

En dan onthou Mamma: “Dis Duke! Ek het nie lank terug nie van hom gelees in ‘n tydskrif. Dit is die grootste Olifant in die Wildtuin. En hulle sê dat ‘n mens hom in hierdie omgewing kan kry.”



In volslae bewondering sit almal in stilte en kyk na die rustige ou Olifantbul, waar hy polle gras uittrek met sy slurp, dit netjies eers afstof, en dan in sy bek prop.

“Hulle sê dat hy al oor die vyftig jaar oud is.” onthou Mamma skielik.

“Maar waarom het hy so 'n snaakse naam?” wil Adri weet, “Duke is mos nie 'n Olifantnaam nie?”

Nou is dit Pappa se beurt om slim te wees: “So kort na die Boere Oorlog was daar 'n wildbewaarder in die Kruger Wildtuin met die

naam: Thomas Duke. Nie ver hiervandaan nie, is daar 'n dammetjie wat na hom vernoem is, en die ou Olifant het ook sy naam gekry. Thomas Duke was vir twintig jaar lank 'n wildbewaarder."

"Kyk Pappa, sy linkertand is 'n bietjie langer as die regter een." merk Chris op. Inderdaad is Duke se linkertand 'n volle 1,75 meter lank en die regter een 1,56 meter. Sy linkertand weeg nie minder nie as 37 kilogram, en hy is so byna, byna 'n halfmeter in omtrek op die

breedste plek. Chris wonder hoe dit moet voel om met so 'n stel tande te moet rondloop. Daardie twee tande saam weeg soveel as wat sy Pa weeg!

Vir 'n lang ruk sit hulle die ou Olifant en dophou. Dit is iets wat 'n mens net eenkeer in jou leeftyd sien - so verduidelik Pappa.

Wanneer hulle uiteindelik verder ry, dan is elkeen besig met sy eie gedagtes. Die grondpaadjie is stil - sover het hulle nog nie 'n enkele motor teëgekom nie.

"Pappa, daar is iets!" Adri is opgewonde - sy het 'n beweging gesien, maar sy het nie 'n idee wat dit is nie.

"Aag, dis seker maar weer 'n Rooibok." terg Chris.

"Is nie. Hy het baie belangrik gelyk!" hou sy vol. Pappa stop die motor en ry terug. Daar is niks - net lang, droë gras. En dan sien almal dit gelyk: die "ding" lig sy kop uit die gras, en dan brand die geel oë van 'n yslike leeumannetjie vererg in hulle rigting.

"Leeu!" skree almal omtrent gelyk. En dan gaan lê die leeu maar weer, en verdwyn in die gras. "Leeus maak maar so," verduidelik Pappa, "in die dag lê hulle gewoonlik maar net en slaap. Maar snags jag hulle."

Maar terwyl almal so vir die onsigbare leeu sit en kyk, gebeur daar iets wat niemand ooit verwag het nie. Uit die bos aan die anderkant van die pad kom 'n paar Blouwildebeeste ewe rustig aangestap, salig ombewus dat hulle reguit op die gevaar afstap.

En skielik kom Pappa tot die besef: “Daardie leeu het die Blouwildebeeste hoor aankom, en hy wag hulle in!”

Almal se harte klop in hulle kele. Adri wil vir die Beeste skree: “Pasop! Daar is ‘n leeu!” Maar almal maak haar stil. Sy wil liewer nie kyk nie...

Die diere stap rustig oor die pad, en dan skielik breek chaos los. Soos ‘n geel blits spring die leeu op en hardloop met ‘n skrikwekkende spoed na die Blouwildebeeste toe.

Daar is skaars tyd vir die arme slagoffer om te probeer padgee. Die volgende oomblik storm nog ses leeus uit die lang gras. Niemand het hulle opgemerk nie.

Die groot Maanhaar gryp die Blouwildebees aan die keel en hou vir al wat hy werd is. 'n Leeuwyfie spring op die arme dier se rug, en binne sekondes lê die arme slagoffer plat op die grond en skop.

Alles is verby binne 'n minuut of twee. Trane stroom oor Adri se

wange: “Arme, arme dier!” snik sy, “Ek voel so jammer vir hom.”

Vir ‘n volle uur sit hulle daar en kyk hoe die trop leeus hier vlak onder hulle neuse die Blouwildebees opvreet, totdat hulle pense bolrond staan, en daar sékerlik nie meer plek is vir ‘n muis nie.

Wanneer alles al byna verby is, kom daar ‘n paar motors aangery. “Ons het alles gesien gebeur!” vertel Pappa die mense opgewonde.

Later ry hulle eers na Ondersabi

om almal 'n broodnodige draai te loop en koue koeldrank te koop, en dan vat hulle die lang pad na Tjokwane, die piekniekplek waar hulle middagete gaan eet.

Almal is opgewonde as Pappa vrolik uitroep: "Piekniektyd!" Voor in die pad is 'n lowergroen woud. "Tjokwane" verduidelik Pappa.

Wanneer hulle indraai by die piekniekterrein, staan daar alreeds 'n klomp motors, en daar is baie mense wat by tafeltjies sit of rondloop. Daar is nie 'n heining om

die plek nie, en dit maak Adri bang. "Wat daarvan as leeus hier inloop Pappa?" wil sy weet. Hy stel haar gerus, dat leeus bang is om naby so baie mense te kom, maar Adri wil nie hierdie een vir soetkoek opeet nie - leeus bly steeds gevaarlike goed!

Die twee kinders spoor baie gou 'n oop tafeltjie op onder 'n groot koelteboom, en Mamma dek die piekniektafel.

Tjokwane is 'n baie besige plek - dit kom Chris baie gou agter. En

dit is nie net die mense wat die plek besig maak nie - dit is eintlik die voëls. Dit kwetter en tjirp en kekkel en skree dat 'n mens amper lus voel om jou ore toe te druk. Oral waar jy kyk is daardie metaal-blou glansspreeus. En arrogant! Hulle sal sommer op 'n man se kop kom sit as jy nie versigtig is nie!

In die boom waaronder hulle gaan afpak het, is die takke volgepak van neushoringvoëls wat hulle sit en dophou soos 'n spul honger aasvoëls. Die bure van die tafeltjie

langsaan laat per ongeluk 'n paar krummels van hulle tafel afval, en skielik val 'n kombers van voëls uit die boom uit. Dit wriemel en baklei en pik en sluk - almal Geelbekneushorings. Daar is so baie van hulle, dat die arme spreeus nie eers naby kan kom nie. Buurman aan die ander kant is besig om spek en eiers te braai op 'n gasbraai. Skielik gil buurvrou - Chris kyk om, net betyds om te sien hoedat een van die geelbekgevaartes met 'n stuk spek wegvlieg wat hy van die warm braai

af gesteel het. Buurvrou giggel histeries, en Chris lê soos hy lag.

Nou wil Adri weet wat gebeur het. "'n Neushoring het hulle ontbyt gesteel!" kraai hy dit uit van die lag.

Reg bokant Chris se kop hoor hy 'n voël koggel. Hy kyk op, net betyds om te sien hoedat die voël op hulle tafel afduik. Die arrogante ou Geelbek kom



plak reg oorkant Chris op die tafel! Hy skuif-skuif reg, totdat hy só sit dat hy vir Chris vierkant in die oë kyk.

"Maak asof jy hom nie sien nie." gee Pappa raad, en Chris kyk doeeer bo in die lug. Die Neushoring rek eintlik sy nek om Chris se oë op hom te trek. Hy draai sy kop skeef en loer na die toebroodjie op Chris se bord, en die begeerte drup eintlik van sy gevreet af. Chris maak sy hande bak oor die toebroodjie. Hy staar. Chris staar terug, reg in die voël

se gulsige kraalogies in. Chris begin skuldig voel. Die voël sien dit onmiddellik raak, en hy sit die "ek-is-so-verskriklik-honger" gevreet op. Selfbejammering drup eintlik van sy gesig af!

Intussen lê Adri en Mamma en Pappa soos hulle lag vir die komieklike situasie. Wie gaan eerste ingee?

Chris is op die punt om sy toebroodjie net so aan die arme uitgehongerde Neushoring te oorhandig, toe hy skielik tot sy

sinne kom. Hy onthou hoedat dit hierdie einste ou Geelbekke is wat al die ander kleiner voëltjies so domineer en verwilder en boelie. Kyk nou maar net: daar is nie 'n enkele ou spreeutjie wat dit naby waag nie, want hy sal sy moses teëkom. Selfs Grysneushoringvoël is bang vir hom. As dit etenstyd is, jaag die Geelbek die arme ou Grysetjie dat jy net sien vere waai! Hy het mos gesien hoedat die arme Grysneushoring dáár eenkant moet gaan sit en soebat en smeek met sy soet fluitjiestemmetjie vir

‘n ou happie, maar Geelbek sal sy vlymskerp geel sabel dreigend swaai en die arme ou Grysetjie landuit jaag.

Chris vat sy toebroodjie in altwee hande vas en gee ‘n groot hap. Watertand kyk die Neushoring hom met smekende ogies aan, maar Chris eet die hele toebroodjie alleen op sonder om vir hom ‘n krummel te los. Vererg vlieg die neushoring weg, en in die opstygslag los hy ‘n yslike blêrts, reg in die middel van die tafel.

"Ag siesa!" gril Adri, terwyl almal heerlik lag oor die snaakse petalje.

Wanneer almal klaar geëet het, kom sit 'n Grysneushoring op 'n takkie in die boom. Hy sing sy vêrverlang liedjie: "Fie, fieefiee, fioee-fioee..." Chris voel bitter jammer vir hom en gooi 'n paar krummeltjies op die grond. Skrikkerig kom



sit hy en tel dankbaar die korreltjies een-vir-een op. Twee spreeus sien die gedekte “tafel” en hulle bevlieg dit lawaaierig. Grysneushoring staan verskonend eenkant toe terwyl die spreeus die arme ou grysetjie se middagete gulsig afwurg.

In stilte sit Chris en bekyk die voël waar hy nou weer op 'n takkie, sommer hier baie naby gaan sit het. Mooi voël, hierdie Grysneushoring - nou wel nie so swierig soos sy geelbek neef nie. Maar hy is delikaat en beeldskoon

op sy eie manier. By sy donkergrys baadjie met room-wit veerpunte, dra hy 'n spierwit hemp. 'n Amper-swart gesig met spierwit wenkbroue, en dan hierdie lang swart snawel met roomkleur insetsels, gee hom die mooiste gelaatstrekke.

Vroulief kom aangevlieg en kom sit langs hom - sy dra sowaar lipstiek - 'n rooi snawelpunt! Delikate fyn strepies op die onderkaak maak die prentjie volmaak. Die Grysneushoring maak sy bek oop, en dan sien Chris dit: Tande! Hy

het 'n formidabele ry van hulle. Dit gee mens sommer nuwe respek vir hierdie Janniejammergat van die voëlwêreld. Nou-ja, dit is nie regte, egte tande nie, maar die strepies op sy snawel laat dit lyk asof hy tande het.

Ja, dink Chris, as jy luister na hierdie pragtige voël se weëmoedige lied - "Fie, fieefiee, fioee-fioee...", dan voel jy bitter jammer vir hom, diep in jou hart. Hy ly so swaar in die verdrukking. Dit is nie alleen die ander boelie-neushorings wat hom verjaag nie,

maar Kwêvoëls knou hom af, Spreeus verskree hom, en selfs parmantige Tiptolletjies trap op hom. En dit terwyl hy al die regte toerusting het om sy man te kan staan - sy status as neushoring, sy bruikbare snawel - en dan die feit dat hy tande het!

**Chris word wreed uit sy droom wakkergeskud: "Kom, kom, tyd om te ry!"**

# Laaste Dag in die Bos

Wreed word Chris uit droomland geruk met 'n deurmekaar rumoer reg onder sy slaapkamervenster. Met dikgeslaapte oë loer hy so skeeloog na sy horlosie. Dis dan nog amper nag! Hy strompel die hout trap af om te sien wie so vroeg in die môre so 'n lawaai kan opskop.

Boggelrug en neus-teen-die-grond



word elke bossie en klip sorgvuldig deurgesnuffel om nie 'n enkele krieseltjie eetbaarheid verlore te laat gaan nie. En die hele tyd gons dit soos hulle kwetterend gesels, sonder om 'n enkele oomblik stil te bly.

"Gebande muishonde", verduidelik Pappa saggies as hy die groot vraagteken op Chris se gesig lees. Die res van die gesin sit alreeds in doodse stilte op die stoep hierdie spulletjie en dophou.

Drie muishondjies trek elkeen in

sy eie rigting aan dieselfde been. Dit gee 'n hewige stoeigeveg af, en die drie skree en gil die hele tyd op mekaar. Skielik besluit die ou leier: Dis tyd! En op 'n streep draf die luidrugtige spul al kwetterend oor die grasperk die lang gras in.

Stilte. 'n Tortelduif sing saggies "Slaap rustig, slaap rustig". "Ja goed, ek vang die skimp!" snou Chris die voël toe, "Maar nou is ek wakker!"

Met 'n luidrugtige vlerkgefladder land 'n tiental Rooiborsduifies by

die mieliepitte en val sommer dadelik weg aan die maaltyd voordat 'n vlakvark of 'n ding dit dalk ontdek. Maar rustig is dit beslis nie, want hierdie skoorsoekende gepeupel besef gladnie dat 'n duif eintlik die teken is van vrede nie. Elkeen probeer om die hele hopie mieliepitte net vir homself te hou.

'n Rooibek Neushoringvoël daag ongevraagd by die partytjie op, en die arme spul Duiwe skrik hulle boeglam, en laat spaander tot in die boomtakke.

Uit die lang gras tree Meneer Fisant versigtig na vore. Mevrou volg flink op sy hakke, gevolg deur 'n string van ses jongetjies. Onder die Rosyntjiebos ontdek hulle 'n klont pap wat die duikertjie die vorige aand misgekyk het, en daar koek hulle saam in 'n stywe bondeltjie. Intussen, terug by die partytjie, maak 'n paar Geelbek Neushoringvoëls hulle uitspattige opwagting. Wydsbeen en stert-in-die-lug laat hulle mens altevol baie dink aan arrogante Cowboys, gereed om te baklei! 'n Paar

piepklein poeierblou Blousysies en 'n Geelvlekmossie sit eenkant beskeie en pik-pik aan fyn saadjies. Een vir een val Kweljas uit die Blinkblaar Wag-'n-bietjieboom om hulle by die Sysies aan te sluit. Maar 'n rustige brêkfis is nou nie juis vir hulle bedoel nie, want 'n suurgevreet Neushoring kan nie die ou piepkleintjies om sy pote duld nie, en hulle kry met sy geniepsige snawel te doene.

"Ai, hoe wreed is die lewe nie soms nie!" skud Mamma haar kop,

"Waarom kan hulle nie maar in vrede saam eet nie?"

Die Fisantgesin se klontjie pap hou nie lank nie, en op 'n streep tou die hele spannetjie agter Pa aan om te kom kyk of hulle nie dalk ook 'n mieliepit of twee kan kry nie.

Twee Tarentale draf oor die



grasperk in hulle pynlik-netjiese spikkelmanelbaadjies en swart sykouse. Hulle ontdek 'n paar verlore mieliepitte onder die Rosyntjiebos, en maak dit hulle lewenstaak om enige ander pitte wat moontlik nog voor die stoep begrawe mag lê, uit te skrop. Stof en gras en klippies spat in alle rigtings soos hulle skrop en tekere gaan.

Mevrou Tarentaal het seker maar per ongeluk stof in haar heer en meester se oë geskop, en met uitgespreide vlerke word sy

venynig gejaag, al om die Rosyntjiebos. Fyngevoelig!

Daar het nou al meer as dertig Kweljas aangekom. (Party mense noem Kweljas Rooibekvinke.) Hierdie senuweeagtige simpele voëltjies vlieg soos klokslag elke tien sekondes met 'n gedreun van vlerke in die Rosyntjiebos in, om weer 'n paar sekondes later soos sprinkane uit die boom te val en te vreet asof dit hulle laaste maaltyd is. Van hierdie onrustige spul het pa Fisant nou net mooi genoeg gehad, en op haastige rooi

beentjies vertrek hy die lang gras in, gevolg deur ma en die string aanhangsels.

Met 'n luidrugtige skaterlag hop-hop 'n gesin Katlagters (sulke grys gespikkelde voëls) oor 'n boomstomp op soek na enige vleiserigheidjie wat die Muishonde dalk kon misgekyk het. Maar Muishonde kyk nie vleis mis nie, en onsuksesvol vertrek die Katlagters weer met 'n groot gejuig na groener weivelde. Asof dit die teken is, vertrek die malende massa Kweljas ook met 'n


donderende gedruis. Die einde van die partytjie het aangebreek, en een vir een verdwyn die laaste gaste, totdat daar net kaalgestroopte grond voor die stoep oorbly. En stilte!

Aag, die res van die dag is maar bra vervelig vir Chris en Adri. Hulle probeer hulleself vermaak op die stoep met allerhande soorte speletjies. Voor die stoep gaan daar ook maar niks aan nie, buiten miskien nou al die swerms voëls wat daar kom sit om te eet. Maar wie kyk dan nou ook na voëls?




Chris se verbeelding neem die loop met hom, en hy wonder oor 'n paar van die voëls se eienaardige name. Kyk nou maar die **Neus Horing Voël** - Chris wonder waar hulle so 'n snaakse naam vir 'n voël sou uitkrap? Die ouens wat voëls name gee, is skoon simpel!

En vat nou maar die **Hamerkop** -




waar kom so 'n stjoepit naam vandaan?



Of 'n **Spookvoël?** Almal weet tog dat daar nie spoke is nie!

Of 'n **Nagryer** - Dink nou net: 'n voël op 'n skaatsplank? En hy ry in die nag rond met sy paraffien lantêrentjie?





En dan natuurlik Chris se gunsteling:

'n **Waaierstert Vlieëvanger!**
Kan jy aan iets snaakser dink?

Chris bars sommer hardop uit van die lag as hy dink aan al die snaakse voëls.

Later stap vyf Koedoes hier verby en 'n troppie Rooibokke kom in die dammetjie water suip. O ja, en

daar was ook nog die alewige Vlakvarke, en die Duikertjie het helder oordag kom kuier. Die middag stap drie Kameelperde langs die huis verby, en hulle rek hulle lang nekke nog langer om te kan sien wat daar op die stoep aangaan. En die Rooibek Neushoringvoël voer nog al die tyd, elke tien minute sy vrou en kinders. Vervelig!

Die Blouapies het darem vir 'n ou veranderinkie gesorg, toe hulle al die voëls se vrugte kom steel het.

En dan is die dag ook alweer amper verby!

"Kom ons gaan drink 'n skemerkelkie by die rivier." stel Pappa voor, en almal is sommer opgewonde. In 'n japtrap is koeldrank en glase ingepak en ry hulle af rivier toe.

In verwondering staan die gesin en kyk hoe die laaste strale van die Laeveld wintersonnetjie die mooiste kleure maak op die spieëlgladde poele van die Krokodilrivier: rooi, oranje en geel,

alles met so 'n titseltjie blou en groen. Die reuse Rooiessenhout en Trosvyebome op die oorkantste oewer weerkaats donkergroen skaduwees op die blink watertjie. Twee pikswart rietduikers sweef soos skimme met afgemete vlerkslag net-net bokant die kleurvolle spieël stroomop na 'n slaapplek iewers wes, daar waar die son besig is om die komberse oor sy bloedrooi gesig te trek.

'n Reusereier staan in die middel van die stroom, sy lang, maer kieriebeentjies tot by sy

kniekoppe in die water. Sy veredos gloei rooi-roesbruin as die son nog 'n laaste maal met een oog oor die kombers se randjie loer en 'n straaltjie rooi op die reier laat val. Nie ver van Meneer Reier af nie sit Mevrou Reier op 'n reuse rots. Twee kuikens, reeds 'n meter of meer in hulle sokkies, loer half aan die slaap oor die rand van 'n yl riet-en-stokkies nes.

Op 'n sandbank in die middel van die rivier staan 'n eensame Kolgans verveeld rond, baie hard besig om niks te doen nie. Hier loop die

Krokodilrivier tussen tagtig en 'n honderd meter wyd met baie poeletjies, stroompies, sandbanke en reuse rotse. Tussendeur groei hier en daar 'n groot klos riete.

Die rustige toneel hier voor ons word skielik verbreek as 'n Tarentaal oor 'n strook oop water hardloop-vlieg om op Kolgans se eiland sy ankers uit te gooi. Kort op sy hakke volg nóg 'n tiental Tarentale.

Kolgans kyk versteurd op!

Nóg twintig of wat

kolletjieshoenders skuur oor die water oppervlak in 'n lang reguit ry. Hulle rem dat die sand so spat tot reg voor die arme Kolgans.

Sy stresvlak styg merkbaar.

Die Tarentale is uitgelate. In wye sirkels jaag hulle mekaar op die beknopte sandbank rond, heen en weer, dán diékant toe, dán dáárdie kant toe.

Die arme gans se kop draai. Hy raak duiselig van al die rondomtalie.

Op strepe vlief die Tarentale in

hulle hordes die eilandjie binne, en die spul begin ophoop. Maar hoe meer beknop dit op hulle eilandjie raak, hoe meer verspot en uitspattig raak die simpele spul Tarentale, totdat almal mekaar naderhand in 'n dolle deurmekaarspul kruis en dwars rondjaag.

Kolgans vererg hom blóédig: "Stóóóóóóóp!!!!!" skree hy. "Af! Af van my eiendom af! Gee pad! Skoert! Voertsêk!!!!!"

Hy voeg sommer die daad by die

woord en begin wild en woes om die gekkespul van sy eilandjie te verwilder. Die Tarentale dink dat dit 'n nuwe soort speletjie is en tart hom net nog verder uit. Uiteindelik slaag hy tog daarin om 'n klompie Tarentale van die eilandjie af te skop, maar so vinnig as wat hulle verdwyn na die volgende eiland, so vinnig streep ánder van oor die water af weer in!

Kolgans is nou nie juis oorbedeeld met grysstof tussen sy oortjies nie. Hy verbeel hom ál dis dieselfde klomp wat hy afjaag wat

weer terugkom. Dan besluit hy om hulle heeltemal landuit te jaag. As hy 'n bondel Tarentale van sy eiendom af boender, dan jaag hy hulle sommer dwarsoor die volgende eiland totdat hulle totaal wég, ver, ver weg is.

Maar helaas! As hy blaas-blaas op sy stukkie sand aanland, dan is dit maar net weer kolletjies wáár jy ookal kyk. En dan moet die moedelose gans maar weer van vooraf skoonmaak. Arme meneer Reier spring-spring op sy maer stelte om uit almal se pad te

probeer kom, en besluit dat dit dalk veiliger saam met Mevrou in die nes op die groot klip is.

Intussen het die voorhoede van die mal Tarentale streep-streep van sandbank na sandbank na sandbank gehardloop-vlieg, verby die slapende reusereier kuikens op hulle nes, en kom hulle in 'n groot woelende, wriemelende massa bymekaar op 'n reuse hoop rotse naby die oorkantste oewer, regoor die Rooiessenhout en Trosvy-bome.

Genadiglik droog die stroom toeriste op Kolgans se eiland op. Verwese sit hy daar en staar uitgeput na die verdwynende moeilikheidmakers.

By die rotse is daar die grootmamma van alle verkeersopeenhopings. Uiteindelik skraap 'n klompie Tarentale genoeg moed bymekaar om die boomtoppe in te vaar. Nóg 'n bondel volg, en nóg een. Naderhand lyk dit na 'n swerm rooibekvinke in 'n koringland soos honderde Tarentale in groot wolke opstyg en

die Rooiessenhout binnevaar om daar veilig, hoog in die takke te sit, weg van die kriepiekrôlies wat in die donker daar onder rondkruip en nét dalkies lus kan wees vir 'n sappige happie Tarentaalvleis.

Op die sandbank vou die nag vir Kolgans knus toe in sy donker kombers en 'n rustige stilte sak toe oor die bos.

Hy sug saggies: "Dankie tog! Spitstyd is verby!"

Pappa sug swaar: "Kom, kom ons gaan huistoe."



# Hoeveel Sterre is daar?

Dit is al donker as die gesin by Duikerdoedoe aankom na hulle uitstappie by die rivier. Gelukkig het Pappa vooruit gedink, en die vuur staan gereed, net om aan die brand gesteek te word. Binne 'n paar minute staan die vlamme hoog, en kan almal lekker om die die gesellige kampvuurtjie ontspan.

Dit is ook nie lank nie, of die hele Boskonsert is aan die gang - 'n leeu wat baie ver brul, 'n Hiëna sing lekker saam. Die Seekoei lag

heerlik vir die hele gedoente en 'n Naguiltjie sing saggies iewers in 'n boom.

Alles is so perfek - so onbeskryflik mooi. Die veld ruik heerlik en daar is nie 'n wolkie in die lug nie. Miljoene-der-miljoene sterretjies vul die hemelruim. "Hoeveel sterretjies is daar, Pappa?" vra Adri, sonder om rêrag 'n antwoord te verwag. Hoe sal haar Pa dan nou weet hoeveel sterre daar is? Maar hy is darem slim.....

"Kom, ek wil julle iets wys." Skielik

is alle aandag by Pappa, want as hy so 'n ding sê, dan kom daar iets baie interessant.

"Kan julle die Suiderkruis sien?" vra Pappa. Chris weet al van die Suiderkruis - dit is daardie vier helder sterre wat soos 'n vlieër aan die suidekant in die hemelruim is. Adri sukkel eers om dit raak te sien, want hier in die suiwer lug van die bos, sien 'n mens baie meer sterre as in die besoedelde lug van Pretoria.

"Ek het hom!" sê sy na 'n rukkie

opgewonde.

"Goed, kyk 'n bietjie na links van die Suiderkruis - daar is twee helder sterre."

"Ja, ja ek sien dit." sê Chris, en Adri kry hulle ook. Dan vertel Pappa vir hulle dat die een ster se naam Alfa Centauri is, en dat dit die naaste ster aan die aarde is. Hy is 4½ ligjare van ons af.

"Watse ding is 'n ligjaar, Pappa?" wil Adri weet. Dit is baie ingewikkeld, maar Pappa probeer verduidelik so goed hy maar kan:

“‘n Ligjaar is die afstand wat ‘n ligstraal beweeg in 1 jaar.” verduidelik hy, “lig beweeg verskriklik vinnig - teen 300’000 kilometer in een sekonde. In ‘n jaar se tyd trek daardie ligstraaltjie dus omtrent 9½ duisend miljoen miljoen kilometer!”

“Sjoe!” is al wat Chris kan uitkry. Hy kan nie eers begin dink hoe ver dit moet wees nie, maar dit is verskriklik ver!

“Dit beteken”, gaan Pappa aan, “dat daardie naaste ster, Alfa Centauri,

se lig 4½ jaar geneem het om by ons te kom. So, wat ons nou daar op daardie ster sien gebeur, het alreeds 4½ jaar gelede gebeur."

"Wow!" Chris se mond hang oop van pure verbasing - dit is te groot om in te neem.

"Eintlik is die son ook 'n ster," probeer Pappa dit in perspektief stel, "maar hy is baie nader aan ons - hy is maar 8 lig minute ver."

Dan verduidelik Pappa, dat al die sterre wat ons kan sien, deel is van die Melkweg. En die Melkweg is 'n


**Na Inhoud**

galaksie - dit beteken dat dit 'n groot klomp sterre is wat saam in 'n groot skyf of wiel in die hemelruim hang.

Chris se mond hang skaamteloos oop as Pappa vertel dat daar omtrent 300'000 miljoen sterre in die melkweg is. Die Melkweg is 'n plat spiraalskyf en hy is omtrent 100'000 ligjare van die een kant na die ander kant. En soos wat dit 'n goeie wiel betaam, draai hierdie een ook stadig in die rondte - dit neem hom 225 miljoen jaar om eenmaal in die rondte te draai.

Chris skud net sy kop in ongeloof - al hierdie verskriklike groot syfers maak dat sy kop draai.

“Maar dit is nie al nie” - Pappa is nou goed op dreef - “dit raak nog baie groter. Die Melkweg is nie die enigste galaksie nie. Daar is 30 sulke galaksies in ons omgewing. Die naaste een aan ons se naam is M31 - hy is omtrent 2 miljoen ligjare van ons af, en hy het tweekeer soveel sterre as die melkweg.

“Maar dit is nog steeds maar net

die begin," stoom Pappa voort, "daar is letterlik duisende miljoene galaksies. Die grootste galaksie waarvan ons weet se naam is cD - hy het meer as 100 miljoen miljoen sterre in sy skyf!"

Chris en Adri staar in ongeloof op na die hemelruim - nou het hulle 'n totaal nuwe idee van sterre.

Maar steeds is Pappa nie klaar nie: "Kom, ek wys julle nog iets interessant." Pappa beduie vir hulle van 'n groep sterre aan die noordekant. "Daardie groep sterre

se naam is Orion, die groot jagter. Jy moet 'n bietjie verbeelding gebruik om die jagter te sien, want hier by ons in Suid-Afrika staan hy op sy kop, maar in die Noordelike Halfrond is hy regop." Met 'n bietjie verbeelding kan jy die man uitmaak - sy twee bene, sy arms, gordel en sy swaard.

Naby Orion is daar 'n baie helder ster - sy naam is Sirius, en hy is die helderste ster vir ons in die hemelruim. Hy is so amper 9 ligjare ver. Dan beduie Pappa na nog 'n helder ster in die een

"been" van Orion - sy naam is Rigel. Hy is 880 ligjare ver.

Vir ons lyk dit asof daardie twee sterre, Sirius en Rigel, amper langs mekaar is. Maar as ons mooi gaan dink daaroor, dan beteken dit eintlik dat ons 880 jaar in die verlede terugkyk as ons hom sien - wat ons nou daar sien het reeds 880 jaar gelede gebeur.

Maar dit raak erger as ons nou gelyk na die twee sterre, Rigel en Sirius kyk, want dan speel daar voor ons oë tegelyk twee totaal

verskillende tye in die geskiedenis af: die een so net na Adri se geboorte en die ander in die middeleeue! Dit laat jou verstand bollemakiesie slaan!

Pappa haal die Bybel uit - hy blaai tot by Psalm 8, en hy begin lees: "***Here, ons Here, die hele aarde en die lug daarbo wys dat U Koning is en dat U regeer. Ook klein kindertjies sing oor u krag.***" Adri glimlag - ja, Jesus onthou ook van ons kinders - ons is belangrik vir Hom.

***"U het die lug en die maan en die sterre met u hande gemaak."*** lees Pappa, en nou dink Adri in groot verwondering dat daardie verskriklike groot hemelruim waarvan Pappa nou net vertel het, alles deur die Here gemaak is. As Hy dit gemaak het - hoe gróót is Hy dan? Hy moet baie, baie groot wees!

***"U het die mens amper soos 'n engel gemaak, U het vir hom eer gegee en U het hom belangrik gemaak. U laat hom regeer oor alles wat U gemaak het. U het***

***gesê hy is die hoof oor alles: oor die skape en bokke en beeste, ja, oor hulle almal, en oor die wilde diere, oor die voëls in die lug en oor die visse in die see, oor alles wat in die see swem. Here, ons Here, die hele aarde wys dat U Koning is.*** " lees Pappa, en dan maak hy die Bybel toe.

"Ja, ons weet dat die Here alles persoonlik self gemaak het - al die sterre en ook die diere hier op die aarde. Maar Hy het vir ons mense 'n baie groot verantwoordelikheid

gegee: ons moet die natuur namens Hom bestuur. Ons moet sorg dat daar nie diere uitsterf nie, en ons moet sorg dat ons wêreld in 'n goeie toestand bly."

"Maar Pappa, dis dan 'n vreeslike groot verantwoordelikheid!" sug Chris.

"Ja Chris, dit is. Maar as elkeen van ons net sy eie klein bietjie verantwoordelikheid nakom, dan sal dit oor die hele wêreld met al sy biljoene mense 'n baie groot verskil maak."

“Pappa het netnou gelees dat kindertjies oor die Here se krag sing. Kan ons sing, asseblief Pappa?”

Die duikertjie staan stil en luister as die soete klanke van Adri se lied deur die bos sweef:

**“O Heer my God,**
**as ek in eerbied wonder -**
**en al u werke elke dag aanskou:**
**Die son en maan,**
**die aarde, sterre, wolke,**
**hoe U dit elke dag so onderhou.**
**Dan moet ek juig,**

**my Redder en my God!**
**Hoe groot is U; hoe groot is U!**
**Want deur die hele skepping**
**klink dit saam: Hoe heerlik,**
**Heer, u grote Naam!"**

Almal is doodstil - elkeen besig met sy eie gedagtes. Ons wonderlike bosvakansie het aan 'n einde gekom. More gaan ons huistoe.

Die Naguiltjie sing: "Goeie nag, slaap sag"

As hierdie boek vir jou
van waarde was, oorweeg
dan asseblief 'n donasie
deur hierdie ZAPPER QR
kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan
vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

 Na Inhoud